waarheid & dwaling

MAANDBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE PERSVERENIGING VERITAS - JAARGANG 4, NO 11/12, DES. 1998

*1 Joh 4:6*
"Hieruit ken ons die Gees van die waarheid en die gees van die dwaling"

# JAARWISSELING

1998 loop uit. 'n Jaar gaan verby. Noodsaaklike werk moet gou klaar gemaak word voordat die feesseisoen kan aanbreek. Die drukte van jaareindfunksies en afsluitingsgesellighede maak die oorvol program nog voller. Jaag, jaag, jaag so tussen die geklingel van kersklokke deur. Net om volgende jaar weer die draad op te tel waar dit nou neergesit word. Om aan te sluit waar nou afgesluit word. Om oop te maak waar nou toegemaak word.

Nog 'n jaar gaan verby. Die wysers op die horlosie het andermaal 'n volle rondte gedraai. Die sirkel word vol. Volgende jaar word met 'n nuwe sirkel begin. Nuwe voornemens, ideale, planne.

Die sirkel van lewe. Dit is 'n oer-oue gedagte. Alles herhaal homself. Daar is niks nuuts onder die son nie. Opstaan, werk, huis-toe, slaap: die sirkel van elke dag. Salaris ontvang, rekeninge betaal, verpligtinge nakom, weer salaris ontvang: die sirkel van elke maand. Nuwe jaar voornemens, wegtrek met spoed, agterkom dat alle voornemens nie slaag nie, 'n laaste poging aanwend om sekere ideale te verwesenlik: die sirkel van elke jaar. Gebore word, opgroei, skoolgaan, werk, bejaard word, sterf: die sirkel van lewe.

Die sirkel van lewe: is dit so? Sit ons 1998 agter ons neer om daarvan te vergeet? Dit kan nie waar wees nie. Wie in sirkels leef, maak geen vooruitgang nie. Die sirkel sluit elke keer op dieselfde punt waar dit begin het. Dit geld vir mense wat God nie ken en dien nie. Prediker beskryf die lewe van 'n godlose as 'n gejaag na wind. Die Godvresende mens se lewe, daarenteen, is alles behalwe 'n gejaag na wind. Die lewe van 'n roepingsbewuste Christen is geen sirkel nie, maar 'n reguit lyn. As kinders van God sluit ons nie maar net af, bloot om weer aan te sluit nie. 1998 was 'n jaar in diens van die Here. In 1999 moet ons op 1998 voortbou, verder ontwikkel, dieper ontgin.

Dit gaan ook die mikpunt van Waarheid en Dwaling wees. Ons mag met genoegdoening terugkyk op 'n geseënde jaar wat verby is. Tegelyk kyk ons met verwagting vorentoe na 'n volgende geseënde jaar waarin ons verder vir die Here mag arbei. In die ineenskakeling van jare sien ons ons troue Verbondsgod aan die werk. Hy is met ons oppad na die ewige Jerusalem toe. Ons mag in die oppad wees saambou aan die koms van sy Koninkryk.

Nimmereindigende herhaling van sirkels? Nee! Koersvaste vooruitgang? Ja! Daarvoor dank ons God in Jesus Christus wat ons van doelloosheid verlos het.

Ontvang hiermee die laaste uitgawe van Waarheid en Dwaling vir 1998. Met die vakansieseisoen op hande en daarmee gepaardgaande afname in administratiewe dienste is daar besluit op 'n twee-in-een uitgawe. Mag die inhoud daarvan steeds vir u van waarde wees.

U word elkeen 'n geseënde jaarwisseling toegewens.

Van die redaksie.

**INHOUD**


1 **Redaksioneel**
*Jaarwisseling*

1 **Skrifoordenking**
*Reformasie-Alarm*
Ds HJL Momberg

4 **Fokus**
*Bly in die kragveld van die Gees*
Dr JG Meijer

6 **Aktueel**
*African Renaissance of Afrika Reformasie?*
Ds ALA Buys

9 *Geloofsgroei deur gemeente sang*
Prof FP Viljoen

10 *Die gawes van die Heilige Gees in Bybelsteologiese perspektief (1)*
Prof L Floor

13 **Mediese Etiek**
*Kontrasepsie in die Christelike gesin*
Dr JA Boon

15 **Op pad na sinode 2000**
*Die res van die Sinodehandelinge*
Dr JG Meijer

20 **Boekrak**
*The Church as God's armory*
Gustav Opperman


**SKRIFOORDENKING**

# REFORMASIE - ALARM

**Ds HJL Momberg**
Pretoria

**Skriflesing: Joël 2:1-11**
**Teks: Joël 2:1 en 11**

(1) *Blaas die basuin op Sion, en blaas alarm op my heilige berg! Laat al die inwoners van die land bewe, want die dag van die HERE kom, want hy is naby.*

(11) *En die HERE verhef sy stem voor sy leërmag uit; want geweldig groot is sy leër, ja, magtig die uitvoerder van sy woord. Want die dag van die HERE is groot en uitermate vreeslik, en wie kan dit verdra?*

Sommige van ons het al die vreesaanjaende belewenis meegemaak dat die sirenes van die dorp of stad onophoudelik aan die loei raak. Wanneer die sirenes afgaan, was dit die boodskap dat al wat leef en beef in hulle bomskuiling moet ingaan en seker maak dat hulle noodvoorrade in orde is. Kort daarna is die vliegtuie en hulle bombardement gehoor.

## Basuinblasers

In die antieke tyd was dit die taak van die wagters op die mure om die grense dag en nag dop te hou tot so ver as wat die oog kon sien. Wanneer hulle dan 'n aankomende vyand gesien het, het hulle die trompette op 'n kenmerkende wyse geblaas. Die stad moes in gereedheid kom vir die komende slag wat gaan plaasvind. Die manskappe moet hulleself bewapen. Die vrouens en kinders moet gaan skuiling vind.

Dit is die dringende oproep wat die HERE tot sy kerk rig. In sy profetiese vergesig sien die profeet Joël dade wat die HERE aan hom geopenbaar het. Hy waarsku die basuinblasers. Die opdrag is dat ons die basuin vir die komende oordeelsdag van die HERE moet blaas, en sodoende die kerkvolk tot reformasie oproep.

## Die dag van die HERE

Die dag van die HERE is 'n term wat op talle plekke in die Bybel voorkom. Uit die verskillende tekste blyk dat die term "dag van die HERE" gebruik word om aan te dui:

- die oordeelsdag van die HERE
- die verlossingsdag van die HERE
- die sabbatdag as dag van die HERE
- die opstandingsdag (Sondag) as dag van die HERE.

Al hierdie betekenisse van wat die dag van die Here aandui, is in en deur ons Here Jesus Christus voltrek. Die verkondiging van die dag van die Here is tegelyk ook die verkondiging van ons Here Jesus Christus.

Waar die dag van die Here die *oordeel* van die Here aandui - soos Joël daaroor profeteer - is dit presies wat met Jesus gebeur het gedurende sy hele aardse lewe en in besonder aan die einde daarvan toe Hy helse smarte en bange Godverlatenheid gely het.

Waar die dag van die Here die *verlossingsdaad* van die Here aandui, is dit presies wat met Jesus ons Verlosser gebeur het toe Hy Homself vir ons onthalwe as volkome offer aan God gebied het.

Waar die dag van die Here op die *sabbatdag* as die dag van God se verlustiging dui, is dit juis ook presies wat vir ons in en deur Jesus plaasgevind het, aangesien Hy die Een is in en deur wie God Hom in ons verlustig. Hy is ons ware Rus in God.

En waar die dag van die Here op die *opstandingsdag* van die Here Jesus dui, is dit weereens omdat sy dag vanuit die Ou Testament so oorgeneem is om aan te dui dat Hy op hierdie dag ons grootste vyand, die dood, oorwin het.

## Verkondig die dag van die Here

So is dit onmiskenbaar dat die verkondiging van die dag van die Here niks anders is of kan wees as 'n verkondiging van die Here Jesus nie. God tree volgens sy verbondsafspraak ingrypend, verdelgend, lewewekkend op. En dit alles soos wat dit op Christus betrekking het.

In die eerste plek hoe God sy ewige toorn op Hom in al sy volheid laat neerkom het en Hy self die volle krag van die oordeel van God gesmaak het ter wille van almal wat verlos sou word.

Maar dit is ook 'n verkondiging van die uitermate vreeslike dag van sy wederkoms. Hierdie dag, so het Jesus en die ander apostels bevestig, sal deur kenmerkende tekens voorafgegaan word. Voortekens. Klein skaalmodelletjies van sy groot en deurlugtige dag. Dit is met hierdie tekens waarmee die profeet Joël sy hoorders besig hou. Die sprinkaanplaag as nasionale ramp is 'n voorskou van 'n veel groter teken wat soos 'n dag van die Here op hulle gaan afkom. Die sprinkaanplaag dui op die Assiriërs wat met dissipline en ontelbare getalle gaan aankom om die Godsvolk te tugtig: dit is die eerste vervulling van die teken.

Maar die tweede vervulling wys verder: na die dag wat Christus weerkom met die wolke van die hemel en daar reg gespreek gaan word.

## Alarm

Joël 2 bevat ernstige oproepe, gemeng met bedreigings. Die profeet doen dit met die doel om die onverskilligheid van die kerk te korrigeer. Dit is 'n wekroep tot daadwerklike reformasie.

Nou weet ons dat die geluid van 'n basuin soms droewig kan klink. Selfs irriterend. Erger nog. Wanneer daar bepaalde waarskuwende boodskappe in opgesluit lê, sou 'n mens dit liewer wou ignoreer. So is dit deur al die eeue nog ervaar.

Wanneer die profete soos basuinblasers gewaarsku het, het dit vele kere uitgeloop op die dood van die profeet. Dit is een van die waarskuwings van die Here: alarm is die ou natuur nie goedgesind nie. Tog wil die Here sy kerk betyds tot orde terugruk. Die basuin is 'n genadewaarskuwing. Woordverkondiging is genadewaarskuwing. As die Woordverkondiging afgeplat en onverstaanbaar gemaak word of met allerlei beuselagtighede verdring word, sak die kerkvolk rustig weg in hulle sieleslaap.

Die basuin moet vanaf preekstoele onophoudelik weerklink. Terug na die Here toe, terug na sy gesagvolle Woord toe, want die dag van die Here is naby. Die slap hande en verlamde knieë moet weer opgetel word. Dit is die boodskap wat aan die Gereformeerde kerke uitgetrompetter moet word.

Weg met gerieflike mensbevredigende Skrifinterpretasie. Weg met eiesinnige godsdiens.

Ons moet mekaar wakker roep om die tekens te lees en te besef dat die oordeel aan die kom is.


*Redaksie:*
Ds ALA Buys
Ds GJ Meijer
Dr JG Meijer

*Medewerkers:*
Prof JC Coetzee
Prof L Floor
Prof GJC Jordaan
Dr JM Boon

*Redaksie-adres:*
Ds ALA Buys
Waarheid en Dwaling
Posbus 525
Piet Retief
2380
Tel (01782) 2480

*Administrasie-adres:*
Veritas
Posbus 31712
Totiusdal
0134
Tel (012) 335-9134
(Mev Hanneke Das)

*Intekengeld:*
R 50 per jaar

*Taalkundige versorging:*
Mev Rita Botha

*Tegniese versorging:*
Printburo
Posbus 25316
Gezina
0031

FOKUS

Dr JG Meijer
Pretoria

# Bly in die kragveld van die Gees

**Ons kyk by die jaarwisseling agter- en vorentoe. Christene doen dit heeltemal anders as wêreldlinge. Gebeurtenisse wat selde of nooit in die kolomme en in uitsendings van die massa-kommunikasie-media voorkom nie, is vir hulle die belangrikste. Die HERE se werke, die voortgang van sy kerk en koninkryk neem in hulle terugskouing oor 1998 en in die voorneme met betrekking tot die komende jaar die sentrale plek in. Die groot vraag by die opmaak van die balans is: Het ek persoonlik en het die kerke van ons Here Jesus Christus in 1998 deur die inwerking van die Heilige Gees in sy kragveld beweeg? En hoe wil die HERE ons individueel en saam in die kragveld van die Gees laat bly? Wat beplan ons in 1999?**

Ons bely in die derde deel van die Apostoliese Geloofsbelydenis ons geloof in die Heilige Gees en ons heiligmaking. Die Gees werk deur middele, deur die Woord en die sakramente. Die Woord is aan die kerk toevertrou. Die kerk, ons moeder, baar kinders deur die Woord en voed hulle. Die voortbring en voeding van die volk van God geskied deur die amptelike prediking van die Woord en die huisbesoeke in die kerk van Christus. Die Heilige Gees bring die kinders van God deur die gelowige gebruik van die genade-middele tot die daad van bely.

Vier belangrike woorde verduidelik die kragveld van die Gees: die Woord, die kerk, die (besondere) ampte en die belydenis. Ons gee in ons terug- en vooruitskouing by die jaarwisseling kortliks aandag aan dié vier Bybelwoorde. Die HERE gee ons hiermee eerstens vier toetsstene om aan die hand daarvan ons doen en nalaat in 1998 suiwer te beoordeel. Tweedens ontvang ons in hierdie vier woorde die rigsnoer vir gelowige beplanning in die komende jaar.

## Die Heilige Gees werk deur die Woord

Die Woord is nie 'n woord *oor* God, 'n boek wat inligting oor Hom verskaf nie. Nee, die Skrif is die Woord *van* God. Die Verbondsgod spreek sy verbondsvolk regstreeks aan. Hy vertel. Hy belowe. Hy roep tot gehoorsaamheid. Hy troos. Hy bemoedig. Hy seën. Hy vervloek. Die woord van God is lewend en kragtig.[1] Die evangelie van Christus is 'n krag van God tot redding vir elkeen wat glo.[2] Ons is voortgebring, wedergebore, deur die woord van die waarheid.[3]

Esegiël 37 verhaal hoe dinamies die Woord van God werk. Die profeet sien in 'n visioen 'n laagte, 'n dal vol bene, verdorde bene. Die HERE beveel hom drie maal om te profeteer. Op die roepstem van die profetiese woord ontstaan daar beweging in die massagraf. Die bene kom nader, elke been na die daarby passende been. Vervolgens kom daar senings, vlees en vel oor die bene. En ten slotte kom die gees, die Heilige Gees, deur die profetiese woord in die graf. Hy maak die dooies lewendig. Hulle gaan staan op hulle voete - 'n ontsaglike groot leër.[4] Die Heiland sê: "Dit is die Gees wat lewend maak." Hoe doen Hy dit? Deur die Woord: "die woorde wat Ek (Christus) tot julle spreek, is gees en is lewe."[5]

Die Gees maak lewend. Hy doen dit deur die Woord. Hy laat ook deur die Woord die ongelowiges in die dood bly. Die HERE hou ons in sy Woord sowel die lewe en die geluk as die dood en die ongeluk voor.[6] Die evangelie is vir diegene wat verlore gaan, 'n reuk van die dood tot die dood, maar vir hulle wat gered word, 'n reuk van die lewe tot die lewe.[7] Dit gaan in die omgang met die Skrif oor niks minder as die ewige lewe en die ewige dood nie.

## Luister

Al God se beloftes gaan volgens die reël van sy verbond met opdragte gepaard. Hy gee sy Woord, die genademiddel waardeur die Heilige Gees ons lewe vernuwe. Hy beveel: "Luister na Hom,"[8] die Spreker. Gebruik die genademiddel van die Gees. Onthou daarby die voorskrif dat geen profesie van die Skrif 'n saak van eie uitlegging is nie.[9] Lê nie eie gedagtes in die Skrif nie, maar neem elke gedagte gevange tot die gehoorsaamheid aan Christus.[10]

Luister is 'n werk wat intense aandag verg. Wie die Woord wil hoor en verstaan, kan nie met vinnige kennisname van 'n Bybelhoofstuk volstaan nie. Die luisteraar lees daagliks met inspanning en ... oordink die wet van die HERE dag en nag.[11] Die Woord dra vrug in die lewe en lewer op: die een honderd-, die ander sestig-, die ander dertigvoudig.[12]

Die opdrag om aandagtig na die stem van God in die Skrif te luister geld nie alleen vir elke gelowige afsonderlik nie, maar ook vir die gemeenskap van die heiliges in sy geheel. Die rykdom van die evangelie is te groot vir een mens. Een alleen kan dit nie bevat nie. Die HERE roep ons om saam die skatte wat Hy in die evangelie meedeel, te ondersoek. Ons is slegs saam met al die heiliges in staat om ten volle te begryp wat die breedte en lengte en diepte en hoogte (van sy openbaring) is.[13] Gelowige luisteraars na die Woord volg hierdie skriftuurlike riglyn. Hulle maak by die ondersoek van die Bybel van grondige verklarings gebruik en lees literatuur van skrywers wat die pad van skriftuurlike wysheid wys. Ook kom hulle in studiegroepe byeen om hulle geloofskennis te deel en saam die wil van God in die hele lewe te leer ken.

## Luister nie na teëpraat nie

Die uitdruklike bevel om na God se Woord te luister word in ons tyd op verskillende maniere ontduik en selfs weerstaan. Die eerste teëprater voer 'n verontskuldiging aan. Hy sê: 'Ek is te besig. Daar is nie tyd vir noukeurige Bybelondersoek en kennisname van

1 Heb 4:12.
2 Rom 1:16.
3 Jak 1:18.
4 Es 37:1-14.
5 Joh 6:63.
6 Deut 30:15.
7 2 Kor 2:15-16.
8 Matt 17:5; vgl. Op 1:3.
9 2 Pet 1:20.
10 2 Kor 10:5.
11 Ps 1:2.
12 Matt 13:23.
13 Ef 3:18.

skriftuurlike wysheid nie.' Hierdie mens verontagsaam die lewe-makende Woord. Die Gees wat in die diens van God laat lewe, word geweer. Hierdie besige mens beweeg uit die kragveld van die Gees weg.

Die tweede teëprater stel kritiese vrae: Waarop stuur hierdie jaarwisseling-artikel aan? Moet ons almal hele of halwe teoloë word? Antwoord: Geensins. Onthou net: Die HERE roep nie slegs teoloë nie, maar ook al sy ander kinders om sy Woord te oordink. Sonder grondige Skrifkennis is dit onmoontlik om waarheid en dwaling te onderskei. Al die skape van die Goeie Herder ken sy stem en kan ware profesie (die stem van die Herder) en valse profesie (die stem van die huurling) sorgvuldig onderskei. Hulle volg hulle Here. Hulle ken sy stem. Hulle sal 'n vreemde nooit volg nie, maar van hom wegvlug, omdat hulle die stem van die vreemdes nie ken (erken) nie.[14]

Die derde weerstand teen die luister na Gods Woord kom uit die kring van die humanistiese teoloë. Hulle ywer vir die ontgoddeliking en vir die vermensliking van die evangelie. Dit spreek vanself dat besige mense wat aan hierdie Skrifkritiese geluide blootgestel word, geen belangstelling vir diepgaande ondersoek van die menslike getuienisse in die Bybel toon nie. Die Skrifkritiek maak die Skrif vir die 'gelowige' 'n geslote boek.

Luister nie na enige teëpratery teen die aandagtige, eerbiedige en gelowige luister na die stem van onse God nie. Wie die Skrif verontagsaam, verwyder hom uit die kragveld van die Gees en sodoende van die ewige lewe ...

## Selfbeproewing by jaarwisseling

Die gawe van die Woord en die saamgaande opdrag van die HERE dring elke gelowige om by die jaarwisseling die volgende vrae te stel en te beantwoord:

* Hoe het ek met die Bybel omgegaan?
* Het ek die Woord van God gelees?
* En oordink?
* Indien wel, in hoeverre?
* Het ek onderneem om die wil van die HERE in die hele lewe te verstaan?
* Wat het ek met die oog daarop gelees?
* En wat het ek saam met al die heiliges bestudeer om geloofskennis te deel en saam in die diens van God te groei?
* As daar tekorte was - watter sonde bely ek aan die HERE?[15]
* Wat beplan ek om my insig in die Woord en die skriftuurlike lewenswysheid gedurende 1999 saam met al die heiliges te verdiep?

## Die kerk in die kragveld

Die kerk is nie die gebou waarin die gemeente saamkom nie. Die kerk is 'n geestelike huis. Elke lewende lidmaat is 'n lewende steen daarvan.[16] Ons gaan in der waarheid nie elke Sondag kerktoe nie, maar ons kom as kerk bymekaar. Nie die gebou nie, maar die lidmate saam is die huis van God,[17] die liggaam van Christus,[18] die tempel van die Heilige Gees.[19] Die Gees en die kerk is onlosmaaklik met mekaar verbind.

Die openbaring oor die samegang van Gees en kerk weerklink in die Apostoliese Geloofsbelydenis. In onmiddellike aansluiting by die belydenis van die geloof in die Heilige Gees volg die woorde: "Ek glo aan 'n heilige, algemene, christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges."

Met die oog op ons selfbeproewing en geestelike beplanning vorentoe volg in hierdie artikel slegs 'n kort besinning oor twee aspekte van die omvangryke leer oor die kerk, naamlik oor die vergadering en die fondament van die kerk.

## Die vergadering van die kerk

Christus bou sy kerk.[20] Hoe doen Hy dit? Hy vergader sy volk. Dit geskied ordelik, van plek tot plek, onder die leiding van die besondere ampsdraers wat Hy aan sy gemeente gee. As 'n lidmaat van die kerk sondig, moet hy deur sy broeder wat daarvan weet, onder vier oë vermaan word. By volharding in die kwaad word die betrokke broeder in die bysyn van getuies vermaan. Indien die sondaar nog nie wil luister nie, volg die aangifte by die kerkraad van die plaaslike gemeente en die kerklike sensuur volgens die bekende reël van Mattheüs 18.[21]

Na die Pinksterdag stig die apostels deur die sending plaaslike kerke. In elke gemeente word ouderlinge verkies.[22] Die briewe van die apostels gaan uit na die plaaslike kerke van Rome, Korinthe, die kerke in Galasië en ander gemeentes. Die verheerlikte Christus stuur sewe briewe aan sewe kerke in Klein-Asië. Hy adresseer elke brief aan die engel, die voorganger van die kerk.[23] Die plaaslike kerke word deur Hom heg saamgebind. Elke gemeente ontvang al sewe briewe. Hulle behoort mekaar by te staan in die opbou van die kerklike lewe en mekaar - waar nodig - tereg te wys ten einde saam in diens van God te volhard.

Christus vergader sy plaaslike kerke, tot die kleinste in getal. Waar twee of drie in sy Naam vergader, daar is Hy in hulle midde.[24] Die Heiland vergader sy kerk verbondsmatig. Hy bring sy volk saam (die gawe). Hulle behoort nou ook almal in die vergadering byeen te kom (die roeping, die bevel). Die Bruidegom (die Here) en die bruid (die gemeente) vergader in elke erediens. Elke byeenkoms van die kerk is 'n samekoms van die Hoof van die kerk en sy volk, van die Bruidegom en sy bruid, en

[14] Joh 10:1-14.
[15] Ooreenkomstig Ps 32:5.
[16] 1 Pet 2:5.
[17] 1 Tim 3:15.
[18] 1 Kor 12:27; Ef 5:30.
[19] 1 Kor 3:16.
[20] Matt 16:18.
[21] Matt 18:15-18.
[22] Hand 14:23.
[23] Op 2 en 3.
[24] Matt 18:20.

derhalwe 'n voorbereiding van die bruilof van die Lam.[25]

Die kerk is die vergadering van Christus en van die gelowiges. Vergadering: konkreet, onder leiding van die ampsdraers wat die verheerlikte Christus aan sy gemeente gee. Vergadering: dit is die eie aard van die kerk in die nuwe bedeling. So bely ons ook ons geloof aan die kerk. Die Seun van God vergader vir Hom 'n gemeente uit die hele menslike geslag.[26] Ons glo en bely 'n enige katolieke of algemene kerk, 'n heilige vergadering van almal wat waarlik in Christus glo.[27] Dit is volgens die Woord van God die plig van alle gelowiges om hulle by dié vergadering aan te sluit.[28] In die vergadering word gepreek, sakramente bedien, tug beoefen.[29]

## Kerkbeskouing ondermyn kerkgeloof

Vanaf omstreeks die begin van hierdie eindigende eeu is daar in die kring van gereformeerde kerke 'n afwykende kerkbeskouing uitgedra. Die leer van 'die pluriformiteit van die kerk' word wêreldwyd verkondig en aangehang. Ek hoop om in 'n later artikelreeks meer uitvoerig daarby stil te staan. In hierdie verband slegs die volgende: Die eintlike kerk is onsigbaar. Dit is die kerk wat nie deur Christus *vergader* word nie, maar wat Hy uit alle moontlike sigbare kerkgemeenskappe *individueel versamel*. Sigbare kerke is slegs institute, meer of minder suiwer openbarings van die eintlike kerk, die liggaam van Christus. Die eintlike kerk, die onsigbare optelsom van die uitverkorenes, verdwyn bo die wolke. Die lidmaatskap van die sigbare kerk maak wesentlik nie saak nie. Elke gelowige immers, in watter instituut ook al, is 'n lidmaat van Christus se onsigbare kerk.

Hierdie kerkbeskouing wat nie op die Skrif berus nie, kom uit die heidense Griekse filosofie van Aristoteles en sy leerling Plato. Hierdie wysgere het geleer dat die wese van die dinge nie in hierdie wêreld te vinde is nie. Die wese is bo. Op die aarde kry ons nie meer as swak, meer of minder suiwer verskyningsvorme (afskaduwings) van die 'hemelse' dinge nie. Daardie heidense skeiding van bo en onder is in die pluriformiteitsleer toegepas op ... die kerk van die Here. Die eintlike kerk is bo; op die aarde bestaan maar verskyningsvorme daarvan.

Die beskouing van die eintlike kerk bo en die afskaduwing van die wesenlike kerk in die wêreld devalueer die kerk, die vergadering van Christus en van die gelowiges. Dit lei tot 'n vermensliking van die kerk op die aarde, tot minder-waardig-agting van die instituut met sy prediking, sakramente-bediening en tug, ten opsigte van die meer-waardige, onsigbare en wesenlike kerk. Die vergadering-karakter van die kerk word misken en vervang deur 'n versameling van individuele uitverkorenes. Die konkrete kerk as gemeenskap van die heiliges val buite die gesigsveld.

Die pluriformiteit-teorie in die praktyk? Die lidmaat wat eredienste versuim, doen geen sonde nie. Die eintlike kerk is immers nie hier nie? Hy en sy bly gewoon uit 'n menslike byeenkoms weg. Hulle verstaan nie dat hulle Christus se roepstem om te vergader verontagsaam nie, hierdie oproep: "Laat ons ons onderlinge byeenkoms nie versuim soos sommiges die gewoonte het nie."[30] Inteendeel, ons moet "veral op die rusdag ywerig met die gemeente van God saamkom om die Woord van God te hoor, die sakramente te gebruik, die Here openlik aan te roep en die Christelike liefdegawes te gee."[31] Die nie bywoning van eredienste, met name die tweede diens, en die onvoldoende vermaning van hulle wat deur weg te bly die eenheid van die liggaam van Christus met die daad keer op keer verbreek, is in ons midde die onomstootlike bewys van die huldiging van 'n kerkbeskouing in stryd met die kerkgeloof.

Die onskriftuurlike kerkbeskouing ondermyn die kerkgeloof en die kerkbesef in die praktyk. Dit blyk nie alleen uit die slordige bywoning van eredienste deur talle lidmate nie, maar ook uit die groot getal jaarlikse onttrekkings aan toesig en tug van kerke in die gereformeerde kerkverband. Talle mense verwissel van kerk soos hulle verskillende baadjies uit- en aantrek. Afskeiding van 'n kerkgemeenskap en aansluiting by 'n ander een geskied in verreweg die meeste gevalle nie uit die geloof nie, maar uit persoonlike voorkeur (ek verkies die gemeenskap waar ek tuisvoel) of uit die slegte gewoonte dat die vrou in die geval van 'n huwelik by 'die kerk van die man' aansluit. Die vraag wanneer afskeiding gebied word en waar ek volgens die bevel van Christus behoort aan te sluit, kom glad nie ter sprake nie. Die kwessie van die fondament van die kerk bly buite beskouing.

## Die fondament van die kerk

Die Skrif dui die fondament van die kerk met verskillende bewoordings aan: Sommige tekste wys op ons Here Jesus Christus. Hy is die fondament van die kerk,[33] ook die hoeksteen van die hele kerkhuis.[34] Die Skrif leer verder dat die kerk op die fondament van die apostels en profete gebou word,[35] op die Bybel, die leer daarvan. Is daar dus twee kerkfunderings? Nee. Ons Verlosser en Heiland kom in die gewaad van die Skrif tot sy volk. Die Skrifte getuig van Hom.[36] Die fondament kan dus kortliks as die Woord van Christus en die Christus van die Woord getipeer word.

Die ware kerk word aan die fondament uitgeken. Almal gedra hulle ooreenkomstig die suiwere Woord van God (bou op die fondament). Hulle verwerp alles wat daarmee in stryd is (bouwerk buite die fondament). Hulle erken Jesus Christus (die fondament van die kerk) as die enigste Hoof.[37]

[25] Op 19:7-9.
[26] HK, antw. 54.
[27] NGB, art. 27.
[28] NGB, art. 28.
[29] NGB, art. 29.
[30] Heb 10:25.
[31] HK, antw. 103.
[32] 1 Kor 3:11; vgl. Matt 16:18.
[33] Ps 118:22; Matt 21:42; Hand 4:11; Ef 2:20; 1 Pet 2:4-6.
[34] Ef 2:20.
[35] Joh 5:39; vgl. Luk 24:27.

[37] NGB, art. 29.
[38] Ps 119:2.
[39] Op 1:3; vgl. 22:7.
[40] Ps 87:1.
[41] Ps 87:7.
[42] Matt. 7:24-27 handel direk oor die bergrede en indirek oor die hele Woord van God as die fondament van die kerk.
[43] Vgl. onder meer NGB, art. 7 en KO, art.31 en 33-55.
[44] NGB art. 29.

## Bly op die fondament

Die Here roep die kerk en al die lidmate om die fondament, die leer van die kerk, sorgvuldig te bewaar en om daarop te bou. Bewaring van die leer gaan in die Skrif vergesel met saligsprekings: "Welgeluksalig is die wat sy getuienisse bewaar." [38] "Salig is hy wat die woorde van die profesie lees, en die wat dit hoor en bewaar wat daarin geskrywe is."[39] Bewaar beteken eerstens die gebruik van die Woord as 'n kosbare skat: Dit is die grondslag wat die HERE gelê het.[40] Al ons fonteine van lewende water spring uit die Woord op.[41]

Die HERE roep ons verder om die kosbare skat teen rowers te bewaar. *Bewaar* kry dus ook die betekenis van *bewaak*. Bly op die fondament. Wie die kerk - en lewenshuis in plaas van op die Rots, op die sand bou, is nie teen die orkane van God se gerig bestand nie. Dit storm teen daardie huis aan, laat dit val en sy val is groot.[42]

Die ware kerk word geken aan sy binding aan die fondament. Hy bind die voorgangers en die lidmate om die fondament te bewaar en daarop te bou.[43] Solank as wat dié binding bestaan, is die kerk ware Cristelike kerk. Niemand het die reg om hom daarvan af te skei nie.[44] Elkeen is verplig om die fondament te bewaar, teenoor dwalinge te bewaak en daarop te bou. Sodoende bly ons self en hou ons mekaar vas in die kragveld van die Gees.

## Selfbeproewing

Die gawe van die kerk en die meegaande opdrag van die HERE dring ons om die volgende vrae aan onsself te stel en vir onsself te beantwoord.

* Waarop berus my gedagtes oor die kerk, op die Skrif of op 'n onskriftuurlike kerkbeskouing?
* Kom ek na die eredienste as samekomste van die Hoof van die kerk met sy volk?
* Vermaan ek diegene wat eredienste onwettig versuim, met die Woord van die HERE?
* Bind ek myself, my eggenoot, my kinders, my vriende en almal in die gemeenskap van die heiliges aan die leer van die kerk en aktiveer ek hulle almal om op dié fondament te bou?
* Bind ek in die geval van afdwaling myself, ander lidmate en die kerk in ons land en daarbuite aan die leer van die kerk?

Mag die HERE van die kerk sy volk op die fondament laat bly en bou.

**Ds ALA Buys**
Piet Retief

AKTUEEL

# "AFRICAN RENAISSANCE" OF AFRIKA REFORMASIE ?

Adjunk president Thabo Mbeki het 'n nuwe idee wat hy verkondig naamlik die gedagte van 'n Afrika renaissance wat wye belangstelling wek. Hierdie idee is nog grootliks ongedefinieerd en verhoog sy aantreklikheid. Die woord renaissance (herlewing) roep by die westerling die idee op van 'n verdiepende terugkeer na die klassieke, voeg nou die "Afrika" daarby en mens kry die idee dat Afrika na sy wortels wil terugkeer voordat die koloniale magte Afrika ingekom het.

Die oproep tot die "African Renaissance" is gebore uit die versugting van Afrika om hom finaal te ontworstel aan enige koloniale invloede, denkpatrone en beperkinge. In 'n sekere sin is hierdie renaissance daarop gerig om Afrika se selfrespek te herontdek en te herontwerp. Hoe presies hierdie renaissance gaan vergestalt is onseker. Sekere Afro-pessimiste maak die idee af as net nog 'n opwelling wat in die realiteit van Afrika sal sneuwel, soos wat die konflik in die groot merestreek tans dreig om te doen. Of dit waar sal wees sal net die toekoms leer. Hoe dit ookal sy, die Afrika renaissance is 'n kragtige nuwe idee wat, as dit tot volle ontplooiing kom, direkte invloede op die kerk van Christus in Suid-Afrika gaan hê. Dit sal ons dus nie betaam om hierdie idee te ignoreer of nie ernstig op te neem nie. Ons gaan daarmee te doen kry, op 'n baie ingrypender wyse as wat ons dalk dink.

Onlangs is daar in Johannesburg 'n konferensie gehou ten einde die renaissance gedagte te stimuleer. Een ding het toe sentraal na vore getree. Afrika wil nuut en op sy eie denkpatrone funksioneer - en sal pa staan vir die mislukkings en suksesse daarvan. Daar is 'n doelbewuste wegbeweeg van wat as die Westerse (koloniale) manier van dink en doen beleef word. Een spreker het dit aangedui as die wegbeweeg van 'n uitgangspunt van Descartes wat gesê het: "Ek dink daarom bestaan ek" ("cogito ergo sum" in Latyn). Hierdie uitspraak verteenwoordig meerendeels die westerling se ingesteldheid op die intellek. Dinge moet rasioneel benader en uitgeredeneer word. Ook in die kerke het dit neerslag gevind in 'n haas kille verstandsgodsdiens.
Die Afrika renaissance het sy eie slagspreuk in die plek van "ek dink daarom bestaan ek". Die ubuntu stelling: "ek is omdat ander mense bestaan" word nou gehoor. Dit is op hierdie punt waar die groot gevaar vir die kerke in Suid-Afrika lê.

## Verdra Afrika gode

Ten eerste kan die Afrika renaissance teengestaan word, net omdat dit as vreemd, swart en anders beleef word. Dit kan mis verstaan word met die gevolg dat oneffektief daarteen opgetree word. Die Afrika renaissance het niks met velkleur te doen nie, maar met denkpatrone. "Afrikaan" is 'n term wat dui op 'n bepaalde werklikheidsbeskouing en dui nie (net) die plek aan waar mense woon nie.

Verder moet daar vanweë die post-moderne invloed op die kerke ruimte gemaak word vir die "African Renaissance" wat enersyds altyd op soek is na 'n tydelike nuwe manier van aanbidding en andersyds 'n kwasi anti-apartheidsteologie daarop na hou. Dit sal byvoorbeeld meebring dat daar 'n groter verdraagsaamheid moet kom oor Afrika se tradisionele godsdienste waar die voorvaders aanbid word en dat selfs die nagmaal as 'n westerse denkbeeld gesien word en die offers aan die voorvaders geduld moet word as 'n ewe geldige vervanging van die nagmaal. Dit klink dalk vreemd op die oor maar die tekens is reeds daar dat sekere kerndele van die christelike geloof as westerse intelektualisme gesien gaan word, en daarop sal aandring dat die kerk meer verinheems in Afrika. Daar is reeds 'n stille verdraagsaamheid van Afrika gode. Sekere stemme gaan alreeds op wat sê "ubuntu" is niks anders as die liefdesgebod met 'n Afrika karos om nie.

## Verdedig die verkeerde

Tweedens, is dit 'n wesenlike gevaar, ook vir die GKSA, dat ons ons gereformeerde beginsel verwar met gosdienstige en politieke konserwatisme. Juis omdat almal, om elke draai, vir ons sê dat ons sal moet aanpas en inpas by die Afrika werklikheid. In aansluiting by die stelling van Descartes sal dit beteken dat ons dinge gaan staan en verdedig teenoor die Afrika renaissance omdat ons nog altyd gewoond was aan daardie intellektualisme, sonder om te vra of dit wat ons verdedig werklik gereformeerd is. Hier sal die kerke groot wysheid aan die dag moet lê.
Reformasie beteken om altyd nader aan God se Woord te leef, en beteken dus ook dat ons moet aanvaar dat ons bepaalde denkpatrone sal moet verander om dit te laat instem met God se Woord. Die "African Renaissance" moet ons nie so die skrik op die lyf jaag dat ons teen enige reformasie is nie, en ongereformeerde erfgoed soos "ek dink daarom is ek" gaan verdedig asof dit uit die Skrif kom nie.

Rom 12:2 is hier van belang: "En word nie aan die wêreld [post-modern of ubuntu] gelykvormig nie, maar word VERANDER deur die VERNUWING van julle gemoed [dit sluit denkpatrone in] sodat julle kan beproef wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is.

Baie dinge in ons leefwêreld - waaraan ons so gewoond geraak het dat ons dit as ons eie beskou - slaag nie die toets van die Skrif nie. Indien die kerke, en dan nou spesefiek die kerke waar die Afrikaner meerendeels aanbid, koloniale "voorregte" gaan verdedig as reformasie, gaan die kerk hom vasloop. Die lewenswysheid maak 'n onderskeid tussen dit wat God werklik wil hê en erfsonde waaraan ons kollektief gewoon geraak het. Die feit dat 'n volk soms tuis is in sekere oorgeërfde sondes maak reformasie nie oorbodig nie, maar juis dringend noodaaklik. Hoe ons teenoor die post-modernisme aan die linkerhand, en die African renaissance aan die regterhand gaan optree gaan bewys of ons werklik snap wat reformasie beteken.

Die post-moderniste sê "God is vreemd en sy boodskap versteek". Die Afrika Renaissance sê: "God dra 'n mens gesig - Hy is jou voorvader en buurman". Die Afrika reformasie moet teenoor die "African Renaissance" gestel word. En die eerste tree in 'n Afrika reformasie is om opnuut te verander. Nie onder die druk van die twee tydsgeeste nie, maar onder die leiding van die Heilige Gees wat ons deur God se Woord ondderrig in wat vir die Vader aanneemlik en welgevallig is - ook in Afrika.

## Afrika reformasie

Daar word gepoog om hierdie jaar op Geloftedag by Bloedrivier 'n fees te hou wat deur Afrikaners en Zoeloes saamgevier gaan word. Hierdie gesamentlike fees (dit is onbekend of dit deurgevoer sal word en in watter formaat) is 'n simptoom, nie noodwendig van 'n poging om die volke met mekaar te versoen nie, maar is die eerste kennismaking van die Afrikaner met die "African Renaissance" binne in sy eie geestelike heiligdomme.

Teenoor die Afirka renaissance moet die reformasie van Afrika gestel word. Hierdie reformasie moet omvattender wees as wat dit tot nog toe was en moet die werklikhede in Afrika aanspreek. Die Gereformeerde Kerke is Suid Afrika is onbetwisbaar dankbaar vir die gereformeerde erfenis wat ons uit Europa, veral Nederland, Frankryk en Skotland gekry het, maar ons het saam met die erfgoed ook werfgoed gekry. Dit beteken dat ons dikwels in Afrika worstel met dinge wat inherent en tipies is aan Europa. Ons het nie net die goeie van Europa gekry nie, maar ook sekere koddighede wat niks met Afrika en ons leefwêreld hier te make het nie. Dit sou op sigself nie so skadelik gewees het nie, as ons rustig kon ontwikkel en die oneffenhede self kon uitstryk. Maar nou word ons kerke van alle kante, nie net geestelik nie, maar in vele opsigte ook fisies bedreig word. Dit het tot gevolg dat ons nie kan tyd mors op allerlei Europese koddighede nie.

Afrika is inderdaad leeuwêreld ook as dit by die stryd om ideologië gaan. Of die kerke gereed en gerat is om hierdie aanslae die hoof te bied, is te betwyfel. Soos in vorige artikels gestel,

moet ons teenoor die post-modernisme die gesag van God se Heilige Skrif bely word. Geen enkele toegewing hoegemaand mag hier gemaak word nie. Teenoor die Afrika Renaissance moet gelowiges verander deur met die Heilige Gees vervul te word - en hierdie verandering mag nie piëtisties beperk word tot die "siel van die enkeling" nie. Die Afrika reformasie moet die Afrika samelewing en dus die kontinent in sy hart verander en aanraak. Dit is 'n groot opgawe veral as mens kyk vanuit die posisie van die GKSA wat maar 'n druppel in die see vorm, kyk maar God eis niks minder van ons nie en ook hier mag geen enkele wegwysing gemaak word nie.

## Waarom reformasie?

Wat is reformasie? Is dit deformasie in die kerk en samelewing wat altyd aanleiding daartoe gee? Gaan dit oor die behoud of oorlewing van die kerk en die Afrikaner? In die wegspringblokke moet alle selfsug al nek omgedraai word. Ubuntu sê "ek is 'n mens deur ander mense". Die Gereformeerde sê: "Ek is, omdat God is. Ek maak so, omdat God so sê". Die realiteit van God se bestaan is die bron van alle reformasie. Reformasie is meer as 'n program van beginsels wat afgekondig word. Dit moet 'n hele werklikheidsvisie wees wat die optrede van mense ingrypend verander en rig. Die Here het self in Eksodus 3 een van sy Name geopenbaar as "Ek is wat Ek is".

Enige teësinnigheid om te reformeer en alle slap hande sê eintlik dat God nie bestaan nie of dat Hy ingeperk is tot die kerkgeboue. Afrika behoort aan God die Almagtige Skepper. Om hierdie rede moet Afrika se huishouding ook ingerig word volgens God se Woord. Dit is 'n enorme opdrag waarvan die omvang skaars begryp kan word. "Ek moet wees wat God van my eis, omdat God is wat Hy is". Hier kom die heerlike roeping van God na vore.

Ons moet dus besef dat God ons roep om te verander. Ons mag nie skuil agter valse "sekerhede" van die verlede nie, en nog minder mag ons onwillig wees om te verander asof dit 'n demoniese komplot is om ons onder te ploeg nie. God werk nie anders as deur verandering nie. Deur sy Seun se kruis verander Hy die doodsbestaan en nuwe lewensmoontlikhede - beslis ook vir Afrika. Maar hierdie verandering moet slegs op die waarheid van God se Woord gegrond wees. Dan kan ons ons inherente vrees vir verandering doodmaak en ons geheel en al oorgee in God se hande sodat sy Koninkryk ook in Afrika uitgebrei kan word.

Daar kan 'n vraag ontstaan of dit regtig nodig is om van 'n "Afrika" reformasie te praat. Sou dit nie genoeg wees om maar tradisioneel te bly staan by dit wat ons in Europa geleer het oor reformasie nie. Is Afrika nou so uniek. Ja en nee. Die uniekheid van Afrika lê nie in sy mense of sy ligging nie, maar dat dit deel is van God se skepping. Ons uniekheid lê daarin dat God ons hier in hierdie tyd en omstandighede wil gebruik vir sy doel: om sy bestaan te verkondig. Afrika is juis daarom nie anders as die res van die wêreld nie.

Afrika wil hom ontworstel aan koloniale invloede. Uit die Afrikaner se stryd teen die Britse imperialisme behoort ons insig in daardie strewe te hê. Maar dit help nie om een tronksel vir 'n ander te verlaat nie. Indien die Afrika Renaissance gebou is op voorvaderlike goedkeuring is die de-koloniale poging gedoem, want dan kolonialiseer die dooies jou weer. God se oordeel, God se verlossing, God se oplossing is die enigste genesing vir Afrika. Afrika is nie uniek nie, want God wil dat ook hier sy Woord deurbreek. Om hieraan diensbaar te wees, sal ons ons huidige denkmodelle moet laat inpas by wat die Heilige Gees ons wil laat dink.

Dit lyk ongelukkig of ons reeds hierdie waarheid nie wil raaksien nie. Hoe meer mens bedreigd voel deur vervreemding op ekonomiese, politieke, kerklike en maatskaplike terrein, hoe meer is die versoeking daar om terug te vlug om die ou knus bekende verlede op te soek. By die kerk van Jesus Christus is daar inderdaad 'n vlugtelings element teenwoordig, maar die kerk moet altyd vorentoe vlug. Na die wederkoms toe vlug, die toekoms in vlug. Dit is die groot toets vir die GKSA of ons die verleiding van die liberalisme en die konserwatisme van die hand kan wys. Of ons in hierdie vervreemdings-krises werklik gereformeerd kan bly, of nog akurater gestel, of ons werklik gereformeerd gaan word. Die belydenis oor Gods Woord is ons rigsnoer in hierdie tyd. Dit is hier waar geloof duidelik gaan blyk. Geloof doen wat God sê, of dit vir ons sin maak of nie, of ons dink ons gaan slaag of nie.

Gereformeerd wees in Afrika behels meer as kerklidmaatskap. Dit vereis 'n omvattende begrip van wat God se wil vir ons in Afrika is. Hierdie antwoord vind ons in God se Woord en elke geslag moet vanuit die verbond opnuut die waarhede gaan soek: wat wil God met my hier doen ? Om 'n stel ou antwoorde te gaan afstof sal nie deug nie. Ons geslag, die jong geslag sal weer met God se heilige teenwoordigheid moet erns maak. Baie dieper as wat ons tot dusver gedoen het. Die antwoorde sal nie maklik kom nie, dit sal inderdaad 'n Jabbokstryd vir die kerk wees. Afrika reformasie, wat gebore word uit gebedstryd en gedra word deur die Woord, sal groot krag hê.

Die vraag is hoeveel van ons sien die noodsaak in van nuwe vrae en nuwe antwoorde - uit die Woord. Wat is ek, omdat God is ? Hoeveel van ons wil werklik "Ek is" in Afrika dien?

# Geloofsgroei deur gemeente sang

**Prof FP Viljoen**
Potchefstroom

## Hoe sou ons gemeentesang kon gebruik om geloofsgroei te stimuleer?

Hasper het gesê: "Sing, lofsing, sing tot eer van God is prinsipieël iets anders as 'n plegtige aaneenryging van woorde of lettergrepe op hoër en laer tone". Musiek is 'n kragtige middel, dit het die antieke Grieke al geweet. Die kerkvader Augustinus het gesê: "Musiek bring die waarheid uit die hemele en plant dit in die mens". Calvyn het die melodie beskryf as "die tregter waardeur God se Woord die hart binnevloei". Deur musiek word teologie verhef tot die terrein van religieuse emosie en ervaring. Om hierdie rede moet die melodie 'n refleksie en 'n musikaal-simboliese verduideliking van die inhoud van die lied wees.

## Die gebruik van kerkmusiek deur die eeue

In die ***Ou Testament*** is die 150 psalms die bekendste liedere. Daar kom egter ook talle ander liedere buite hierdie bundel voor. Ons kan byvoorbeeld dink aan die lied na die redding van Israel deur die Rooisee (Eksodus 15), Moses se lied nadat Josua as sy opvolger aangestel is (Deuteronomium 32) en die lied van Hanna toe sy Samuel na die tempel geneem het (1 Samuel 2:1-10). Hierbenewens kom nog talle ander liedere in die Ou Testament voor, byvoorbeeld Habakuk 3, Jesaja 26:9-20, Jona 2:3-10 en Daniël 3:26-38.

In die tyd van die ***Nuwe Testament*** is regstreeks aangesluit by die psalms en liedere uit die Ou Testament. Hierbenewens het daar talle nuwe liedere ontstaan. Die "nuwe lied" is 'n tegniese term in beide die Ou- en Nuwe Testament wat dui op nuwe openbaring van God wat die mens dring om 'n nuwe lied te sing. Voorbeelde hiervan vind ons in Johannes 1:1-18, Filippense 2:2-5, Kolossense 1:15-20 en Efesiërs 1:3-14. Hierdie Nuwe Testamentiese liedere bevat spesefiek christelike credo's, gebede en lofprysinge. Kolossense 3:16 en Efesiërs 5:19 praat van "psalms, lofsange en geestelike liedere", wat op die ryk himnografiese aktiwiteit in die tyd van die Nuwe Testament dui.

Gedurende die ***eerste vier eeue*** reeds is die groot waarde van sang en musiek besef en benut. Basilius het gesê: "terwyl 'n mens die soetheid van die harmonie geniet, put hy onbewustelik voordeel uit die woorde wat gesing word". Ook in hierdie tyd is bestaande liedere gebruik en nuwes geskep. Die doel met hierdie liedere was drieledig, naamlik:

- om belydenisse weer te gee,
- om te bid met smekings, dankseggings en lofprysings, en
- om te dien as onderrigmedium waar daar uit die Bybel verkondig, getuig, getroos en vermaan word.

Reeds in die vroeë kerkgeskiedenis is musiek helaas misbruik, juis omdat dit so 'n kragtige middel is. Musiek is in sommige gevalle misbruik om afwykende leerstellings in te prent. Vroeë dwalings soos die Gnostiek en die Arianisme is deur musiek die kerk ingedra. Daarom het die kerk daarop aangedring dat die inhoud van die geestelike liedere in ooreenstemming met die Bybel moes wees. Tydens die Konsilie van Laodisea (360n.C) het die kerke selfs 'n beperking geplaas op die skryf van nuwe geestelike liedere!

Gedurende die ***Middeleeue*** was daar 'n groot opbloei in himnografie (die skryf van geestelike liedere). Kunstige musikale tegnieke is gebruik. Gebede is deur voorsangers gesing, terwyl lofprysingsrefreine deur die gemeente gesing is. Selfs preke is in musiekale vorm voorgedra. Dan was daar ook lerings deur voorsangers wat afgewissel is met voorgeskrewe tussenwerpsels en refreine deur die gemeente en kore. Daar het baie herhaling voorgekom wat aanleiding gegee het tot mistiese vervoering. Dit kon oormatige klem op emosie plaas. Gedurende die Middeleeue is die "gewone" lidmate al hoe meer as geestelik onmondig beskou. Dit het daartoe gelei dat die sang uit die monde van die gemeente geneem is en na die kore verplaas is. Musiekale tegnieke en effekte het blykbaar belangriker as die inhoud van die liedere begin word. Tog is daar toe reeds pogings aangewend om die stand van die kerkmusiek te herstel. Pous Gregorius (pous vanaf 590-604 n.C.) wou die kerkliedere suiwer van 'n wêreldse gees. Onder sy leiding is die sogenaamde Gregoriaanse liedere ingevoer. Dit is liedere wat eenstemmig en met 'n vry-oratoriese ritme gesing is.

Tydens die ***Reformasie*** is musiek aangewend om aan die ongeletterde kerkvolk die kern van die Evangelie oor te dra. ***Luther*** was nie net 'n teoloog nie, maar ook 'n uitnemende musiekkenner. Hy het van die treffendste

melodieë (soos van ons Psalm 46 en 104) gekomponeer. Deur Luther se invloed het daar 'n groot opbloei van die kerklied in Duitsland plaasgevind. In die inhoud van sy liedere het hy grootliks na die teks van die Bybel teruggekeer. Hy het gesê: "Elkeen wat die Evangelie waarlik glo, moet met blydskap daarvan sing, sodat ander dit kan hoor en dit ook kan aanneem". Met sy liedere het Luther die inhoud van die Evangelie op 'n eenvoudige en bevatlike manier vir die gemeente beskikbaar gestel. , Nogtans was Luther se liedere nie altyd regstreekse berymings van Skrifgedeeltes nie. Hy het baie moeite gedoen om die jeug musiekaal op te voed. Hulle moes die sang geniet, sodat hulle die Evangelie met oortuiging sou sing. Hy wou die jeug sodoende weerhou van verderflike plesier en in hulle 'n goeie basis vir die toekoms lê.

***Calvyn*** het in sy beskouing oor Kerkliedere direk by Kolossense 3:16 aangesluit: "die Woord van Christus moet in al sy rykdom in julle woon". Hy het na Augustinus verwys wat die melodie as 'n tregter beskou het waardeur God sy Woord in mense se harte ingiet. Calvyn het voorkeur gegee aan direkte berymings van Skrifgedeeltes om as liedere te gebruik. Deur sy toedoen is die 150 Psalms in Frans berym, asook die Apostoliese Geloofsbelydenis en Skrifgedeeltes soos die Lofsang van Simeon en die Tien Gebooie. Hy wou die inhoud van die Bybel deur die lied op 'n sober manier laat sing. Die fokus moes wees op die inhoud van die woorde wat in die vorm van 'n lied vertolk word.

***Na die Reformasie*** het daar weer 'n deformasie in die liedere gekom. Ongehoorde Wêreldse gedagtestrome het weer by die kerkliedere ingesypel. Boonop is die dramatiese effek van musiek soms oordryf om ongepaste emosies op te wek. Die musiekkenner, Routley, noem dit: "An outbreak of illiterate and poverty stricken music".

Die grondslag van Suid-Afrikaanse Kerkmusiek is oorspronklik deur die ***Kerkmusiek van Nederland*** gelê. Kerkmusiek van Nederland het destyds direk by die Calvinistiese kerkmusiek aangesluit. Die Nederlander, Marnix van Aldegonde, het die Calvinistiese beginsel so verwoord: "Daarom is dit beter om altyd God se Woord in die mond te hê, sodat ons slap en slaperige harte daardeur tot aandagtigheid verwek en aangevuur word". Die Sinode van Dordrecht (1618-1619) het die 150 Psalms, die Tien Gebooie, die Onse Vader, die Lofsang van Maria, Sagaria en Simeon as gepaste liedere vir die kerke beskou. Enkele gesange is aan die vryheid van die plaaslike kerke oorgelaat. Tydens die Noord-Hollandse Sinode van 1806 is daar besluit dat ander Evangeliese gesange ook in die Kerke gesing kon word. In sommige kringe was daar beswaar teen die invoering van hierdie liedere, aangesien hulle van mening was dat van hierdie vrye liedere deur die gees van Piëtisme, Rasionalisme, Humanisme en Remonstrantisme beinvloed is.

Met die koms van Jan van Riebeeck na ***Suid-Afrika*** is die Nederlandse invloed hier oorgeplaas. Die koms van die Franse Hugenote het ook die Franse Psalms na Suid-Afrika gebring. In navolging van die Noord-Hollandse Sinode van 1806 is die Evangeliese gesange in 1814 ook in Suid-Afrika ingevoer.

Die ***Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika*** se beleid oor kerkliedere sluit regstreeks aan by Artikel 69 van die Dordtse Kerkorde. Daarvolgens word die 150 Psalms en goedgekeurde Skrifberymings as gepaste liedere vir die kerke beskou.

Tans word die bestaande Afrikaanse Psalmberyming (van Totius) hersien. Hierbenewens is daar ook al ver gevorder met die herberyming (omdigting) van die Psalms in Afrikaans. Daar word streng gewaak dat hierdie herberyming (omdigting) getrou aan die Bybel moet wees en aan hoogstaande taalkundige en musiekale vereistes voldoen.

**Prof L Floor**
Potchefstroom

# Die gawes van die Heilige Gees in Bybels-teologiese perspektief (1)

Ongeveer vanaf 1960 het min onderwerpe meer die aandag getrek van die kerke as die gawes van die Heilige Gees. Dit was veral die charismatiese beweging gewees wat by die kerke 'n nuwe besin- ning oor die persoon en werk van die Heilige Gees gebring het. Vanweë die invloed van die charismatiese beweiging en die uitstraling wat die beweging op die kerklike lewe het, is 'n besinning van 'n bybels-teologiese beoordeling van die Nuwe Testamentiese genadegawes (charismata) van groot belang.

So 'n besinning is ook belangrik in verband met die groot vrae waarmee ons vandag as Christene te doen het. Hoe gaan ons as Christene, as 'n minderheidsgroep, ons verantwoord in 'n gesekulariseerde wêreld? Ons staan op die drumpel van die een en twintigste eeu. Hoe gaan ons die toekoms tegemoet teenoor die opmars van die charismatiese beweging en die storm van die sekularisme. Die antwoord is te vind in die regte, bybelse gebruik van die gawes wat die Heilige Gees ons skenk.

Ons moet wel die charismatiese beweging onderskei van die klassieke Pinksterbeweging. Die Pinkstergroepe het hulle aanhang oor die algemeen onder die minder gegoede en

minder ontwikkelde mense van die samelewing. In die charimatiese beweging tref ons mense uit alle lae van die bevolking aan. Daar word gepoog om 'n totaliteit van gegewens uit verskillende teologiese tradisies op te neem en te verwerk. Dit is juis die charismatiese beweging wat op beide die protestantse kerke asook die Rooms Katolieke kerk sy invloed laat geld.

Die terrein is so breed en die vrae so veelvuldig dat alles nie bespreek kan word nie. Bespreking is onafwendbaar. In verband met die vrae wat die charismatiese beweging aan die kerke gevra word, trek veral drie gawes die aandag: die spreek in tale (glosolalie), die gawe van profesie en die gawe van genesing.

Ons word gedurig van die kant van die charismatiese beweging daaraan herinner dat 'n kenmerk van die vervulling met die Heilige Gees die spreek in tale of tonge is. En waar die Gees kragtig werk daar bloei volgens die charismatiese beweging die profesie op. Ook manifesteer juis daar weer die gawe van genesing.

Wanneer die glosolalie aan die orde kom, sal ook die doop met die Heilige Gees ons aandag vra, omdat die spreek in tale deur die charismatiese beweging gesien word as die een groot bewys dat mens met die Heilige Gees gedoop is.

Voor ons na verskillende Skrifgedeeltes gaan, waar oor die gawes van die Gees gehandel word, is dit goed om eers 'n paar algemene opmerkings oor die Nuwe Testamentiese gawes te maak:

1) Volgens die Nuwe Testament is die Heilige Gees die groot gawe van die eindtyd, die tyd tussen die hemelvaart en die wederkoms. Wie die Gees, wat wedergeboorte bewerk, as gawe ontvang, word self ook 'n gawe en ontvang die een of ander gawe van die Gees.

2) Ons moet die gawe van die Heilige Gees wel goed onderskei van die vrug van die Heilige Gees. Elkeen wat wedergebore is, sal in sy of haar lewe die vrug van die Gees soos Paulus dit in Gal 5:22 noem in 'n meerdere of mindere mate openbaar. Met die gawe van die Gees is dit anders. Die vrug is ook enkelvoud, terwyl die gawes meervoud is. Die gawes verskil ook van persoon tot persoon. In soewereine beskikking deel God sy gawes uit soos Hy wil (1 Kor 12:11).

3) Ons kan die gawes van die Heilige Gees soos hulle in die Nuwe Testament ter sprake kom uit twee verskillende gesigspunte benader, naamlik vanuit Lukas en Paulus. Lukas skryf in sy tweede boek, die Handelinge van apostels. Hy gee 'n historiese beskrywing, ons kan selfs sê 'n heilshistoriese oorsig van die werk van die Gees en die gawe van die Gees vanuit die perspektief van die koninkryk van God. Dit was Calvyn wat in sy voortreflike kommentaar op die boek Handelinge dit so duidelik aangetoon het.[1] Wat ons by Lukas veral kan leer, is dat die gawe van die Gees manifesteer daar waar die koninkryk van God 'n deurbraak maak in 'n nuwe gebied (Hd 8 in Samaria, Hand 10 in Caesarea, Hand 19 in Efese).

Paulus skryf ook oor die gawes van die Gees maar hy doen dit eskatologies, vanuit die 'perspektief van die kerk. Dit beteken nie dat daar 'n teenstelling is tussen Lukas en Paulus nie. Daar word deur die wysheid van die Heilige Gees alleen maar verskilende aksente gelê.

Paulus gee aan die gawes verskillende benaminge, afhangende waarmee hy die gawes in verband bring. In verband met die Heilige Gees praat hy van genadegawes (charismata), wanneer Christus die Kurios (Here) ter sprake kom, dan noem hy die gawes bedieninge (diakoniai) en vanuit God gesien, word die gawes werkinge (energemata) genoem (1 Kor 12:4-6). Ons kry by Paulus 'n sistematiese uiteensetting oor die charismata. Hy tree sielversorgend op in 'n pastorale gesprek in sy ad-hoc korrespondensie met verskillende gemeentes.

## Oorsig

Dit is nie so eenvoudig om die gawes van die Heilige Gees soos ons dit in die Nuwe Testament aantref te groepeer en 'n volgorde van belangrikheid volgens die populêre onderskeid tussen natuurlike en bo-natuurlike gawes te beskryf nie. Oor die aantal gawes wat in die Nuwe Testament genoem word, verskil die geleerdes. In Rom 6:23 word die ewige lewe as 'n charismata aangedui. Paulus noem in 1 Kor 7:7 die ongetroude staat 'n charisma. God se vryspraak word ook as 'n genadegeskenk beskryf (Rom 5:15-16). Ons vind in die Nuwe Testament 5 gedeeltes waar die gawes van die Heilige Gees ter sprake kom.

| | |
|---|---|
| 1) Rom 12:6-8: | profesie, geloof, dien, leer, vermaan, lei, barmhartigheid |
| 2) 1 Kor 12:8-11: | wysheid, kennis, geloof, genesing, wonders, profesie, onderskeiding van geeste, tale, interpretasie van tale. |
| 3) 1 Kor 12:28: | apostels, profete, leraars, wonders, hulpdiens, genesing, administrasie, tale. |
| 4) Ef 4:11: | apostels, profete, evangeliste, herders, leraars. |
| 5) 1 Pet 4:11: | preek, diens. |

Gawes en ampte vloei by hierdie beskrywing soms deurmekaar en is daarom nog moeilik van mekaar te onderskei. Wat ons 'n amp noem, dui Paulus byvoorbeeld aan as 'n gawe. Ons kan uit die gegewens wat die Nuwe Testament

[1] Calvijn, J., Novum Testamentum Commentarii, Ed. A. Tholuck, 1833.

bied nie aflei dat daar in die kerk van die Nuwe Testament eers 'n charismatiese periode was sonder ampte en dat die kerk heel later versteen het tot 'n starre instituut met offisiële ampsdraers nie. Hierdie hipotese vind vandag byna geen aanhangers meer nie.

Wanneer ons die verskillende opsommings van die gawes in die Nuwe Testament met mekaar vergelyk dan word ons getref deur een merkwaardige ooreenkoms, 'n ooreenkoms nie soseer in uniformiteit of getal nie, maar in gerigtheid en doelstelling.

## Profesie kry klem

Wanneer ons die lys van gawes in die brief aan die Romeine van nader bekyk dan kan ons nie daaruit aflei watter funksies en ampte die kerk in Rome geken het nie. Ons kan wel uit die gegewens twee duidelike terreine van spesiale werksaamhede in die gemeente onderskei naamlik profesie en die dienste. Onderwysing en vermaning is werksaamhede van die profete. Die dienste en by name die diens van barmhartigheid is die taak van die diakens. Die profesie is gerig op die geloof van die kerk om die geloof op te bou en die dienste is bedoel om die gemeenskap in die kerk te stimuleer.

Die breë uiteensetting van die gawes van die Gees wat Paulus in 1 Kor 12-14 gee, loop skynbaar uit op die volgende konklusie: dit is die profesie wat bo alles na gestreef moet word en wat selfs nie deur die spreek in tale belemmer mag word nie (1 Kor 14:39). Om te profeteer tot diens van die gemeente as opbouing van die liggaam van Christus ontvang alle nadruk.

Petrus is in sy bespreking van die gawes van die Gees in die gemeente weer uiters beknop. Twee terreine word ook deur Petrus afgebaken: die spreek en dienste.

As voorlopige gevolgtrekking kan reeds vasgestel word dat in die Nuwe Testament die gawes van die Gees gerig is op die opbou van die gemeente. Die groot doel van die gawes is dat die gelowiges geestelik verryk word, in hulle geloof gestrek word en in hulle diens goed toegerus sal word. Weliswaar is daar ook bepaalde gawes wat 'n persoonlike doel dien so die glosolalie (1 Kor 14:40 en die gawe van gesondmaking (1 Kor 12:9), maar die hoofdoel is tog wel die diens aan die gemeente.

Die regte gebruik van die gawes word dan ook genormeer deur die vraag of die gemeente daardeur opgebou word. In verband hiermee hoef dit ons dus nie te verbaas dat een gawe in die Nuwe Testament besondere aandag vra naamlik die profesie. As ons na die lyste hierbo kyk sien ons dat profesie in vier daarvan genoem word (Rom, 1 Kor, Ef, 1 Pet) en slegs in twee gevalle die spreek in tale (1 Kor).

## Die charismata in 1 Kor 12-14

In sy eerste brief aan die Korintiërs wy Paulus drie hoofstukke aan die charismata. Die aanleiding hiertoe was die verkeerde wyse waarop die ryklike begiftigde gemeente die gawes aangewend het. Daar was verdeeldheid in die gemeente (1 Kor 1:12). Die apostel het in sy skrywe die eenheid van die kerk in die oog. Dit blyk duidelik uit die verloop van sy betoog: die eenheid van die liggaam en die veelheid van die gawes (hfst 12), die uitnemende weg van die liefde (hfst 13), spreek in tale en profesieë.

Die hedendaagse kontroversie oor die charismata spits hom hoofsaaklik toe op drie gawes naamlik die gawe van spreek in tale, die gawe van profesie en die gawe van gesondmaking. In die Korinte gemeente was daar reeds besondere aandag geskenk aan die tongetaal en profesie, waaroor ook skynbaar die verskil van mening in die gemeente was. Sommige beskou die spreek in tale as die uitnemendste gawe van die Gees en oordryf die saak, terwyl ander weer (1 Kor 14:39) juis die spreek in tale in die gemeente wil verbied. Die gawe van profesie is ook nie na waarde geskat in die gemeente nie, en is duidelik onderwaardeer. Daarom gee die apostel die breedvoerigste aan die twee gawes aandag.

Die twee gawes is nou aan mekaar verbonde en 'n skerp skeiding tussen die twee kan nie gemaak word nie. Beide het ten doel om geheimenisse te openbaar (1 Kor 13:2, 14:2). Wanneer die spreek in tale deur iemand uit gelê word, word so in 'n profesie God se geheimenis geopenbaar. Dwarsdeur Paulus se betoog in 1 Kor 14 loop die gawes parallel met mekaar. Wel maak Paulus duidelik dat daar van gelykwaardigheid tussen spreek in tale en profesie geen sprake is nie. Hy kwalifiseer die profesie as een van die hoogste gawes waarna elke gelowige moet streef (1 Kor 12:31). Van spreek in tonge of tale sê hy dat die nie belemmer moet word nie (1 Kor 14:39). Die spreek in tale vertoon as gawe baie ooreenkoms met die profesie maar staan tog in die skadu daarvan.

# Kontrasepsie in die Christelike gesin

Dr JM Boon
Pretoria

'n Beskouing oor die roeping wat ons het tov die ongebore lewe en die begin van lewe sal nie volledig wees as daar nie ook 'n besinning is oor die plek en rol van kontrasepsie (geboortebeperking) nie. Dit is waarskynlik 'n saak waar ons almal met die besinning oor die begin van lewe te doen kry.

Wat is dan die plek van geboortebeperking? Om hierdie vraag te beantwoord moet ons eers luister wat die Skrif sê tov gesinsvorming .

## Wat sê die HERE?

God het die mens geskape na sy beeld as man en vrou. (Gen 1:26) Daarna het God hulle geseën en vir hulle gesê: " Wees vrugbaar en vul die aarde en onderhou dit." (Gen 1:28).

Salomo noem kinders 'n erfdeel van die HERE en die vrug van die moederskoot 'n beloning (Ps 127:3). God praat met blydskap oor sy kinders in sy koninkryk: "Soos pyle in die hand van 'n held" . Paulus noem die vrou wat kinders baar gelukkig (1Tim 2:15). Die begeerte om kinders te kry word hoog geprys in die Skrif. Langs hierdie weg het die HERE sy heil bewerk in Christus (Ou Testament), en langs hierdie weg wil Christus kom tot die skare wat niemand kan tel nie (Nuwe Testament). Isak bid , nadat hy sy seun Jakob gewaarsku het om nie 'n vrou uit die dogters van Kanaän te neem nie, die volgende: " Mag die HERE u seën en u vrugbaar maak en vermenigvuldig sodat u 'n menigte van volke word (Gen 28:3). Nehemia loof die HERE dat Hy sy volk vermenigvuldig het soos die sterre van die hemel (Neh 9:23).

Rut was 'n Moabitiese vrou wat graag wou deel wees van God se verbondsvolk. Daarom trou sy met Boas (God het dit so laat gebeur) en skenk lewe aan Obed. God het haar vrugbaar gemaak. "So het Boas Rut geneem, en sy het sy vrou geword; en hy het by haar ingegaan, en die HERE het vir haar swangerskap gegee, en sy het 'n seun gebaar." (Rut 4:13). Min het sy geweet dat sy so in die lyn van die Messias gekom het. (Matt 1).

Kinders is 'n weelde, 'n skat en rykdom in die lewe.

Die Skrif lê drie belangrike beginsels neer tov die vorming van 'n gesin:

1. God het die anatomie en fisiologie van die twee geslagte geskape. As u in 'n onlangse anatomie en fisiologie handboek kyk kan mens nie anders as om verwonderd te staan oor die geweldige wysheid en insig van God nie.
2. God het dit so gemaak om vir hom 'n volk te berei. 'n Volk om Hom te dien en vrees.
3. God het hierdie gawes en sy plan verbind aan ons deur 'n opdrag. Ons is medewerkers van God in die uitbou van sy verbondsvolk.

Wie sal egter bepaal hoe groot ons gesin moet wees, wanneer en hoeveel kinders daar sal wees? Die antwoord is duidelik uit die Skrif. God bepaal dit en Hy alleen. Net soos God ook ons huweliksmaat met sy eie hand na ons toe lei, netso bepaal God ook wanneer en hoeveel kinders Hy aan ons toevertrou. Hierdie beskikking van God gaan egter nie buite ons om nie. Net soos die man en vrou in gehoorsaamheid aan God se vereistes betrokke is by die soek na 'n huweliksmaat, so is dit ook in die kry van kinders in die huwelik. Man en vrou het die heilsame bevel van God om te vra na sy gebod. Met die huwelik kom die HERE ook na ons toe met die roeping van gesinsvorming. Nie in sondige selfbeskikking en op eie wyse nie, maar in gebondenheid aan die Woord van God en op 'n verstandige en liefdevolle wyse.

Ook vandag moet ons die wysheid van God navolg en ons motiewe ten opsigte van kontrasepsie herstruktureer volgens sy norme. Dit moet ons bewus vir mekaar sê. Ons lewe in 'n tyd waar daar nie rekening gehou word met die Wysheid van God tov kontrasepsie nie.

## Wat sê die wêreld?

Voor die tweede wêreldoorlog het filosowe en demograwe geboortebeperking as 'n middel gesien om die bevolkingsaanwas te stuit. Malthus het reeds in die vorige eeu die stelling gemaak dat die mens vinniger groei as sy bestaansmiddele. Die bevolkingsgroei moes daarom ingeperk word. Sy opvolgers het geboortebeperkende middele as die oplossing gesien. (neomalthusianisme). Na die tweede wêreldoorlog is geboortebeperkende middele steeds minder gesien as 'n oplossing vir die bevolkingsgroei en al hoe meer as die oplossing vir individuele "stremminge" in die gesin.

Tov gesinsvorming verleen die moderne mens meer gewig aan sy gedagtes as aan die gedagtes van God oor konsepsie. Hul praat van kontrasepsie. Materialistiese gedagtes vind dit moeilik om in te sien dat kinders 'n geskenk van God is. - "soos pyle in die hand van 'n held". Kinders is dikwels in die pad van 'n TV stel, gerieflike groot huis , 'n vakansie of 'n nuwe motor. Kontrasepsie verbeter die

ekonomiese situasie van die gesin en verhoog so die algemene lewensstandaard van die gesin. Dit gee die kinders wat wel gebore word 'n beter kans op 'n goeie toekoms. Ja, word daar gesê: as jy nie kontraseptiewe middele gebruik nie, dan is dit hoogs waarskynlik dat jy sal swanger word. Dit word gesien as 'n ongeluk, iets wat ongeleë is. Ja selfs in gereformeerde kringe word dikwels hierdie geluid gehoor. Maar daar word vergeet dat kinders van die HERE kom. Die HERE weet immers wat is goed,vir sy kinders. Hy sal op sy tyd aan ouers 'n kindjie toevertrou of nie toevertrou nie. As dit die HERE se wil en wysheid is dat 'n vrou nie swanger sal word nie, sal dit so wees, ook al gebruik sy nie kontraseptiewe middels nie.

Daarom kan 'n pasgetroude paar nie kontraseptiewe middels gebruik om die gesin vir 'n bepaalde tyd uit te stel nie. Die besluit om in die huwelik te tree dra ook die verantwoordelikheid om God se koninkryk, sy verbondsvolk, uit te bou. Dikwels is daar by pasgetroudes 'n soort vrees dat die vrou kort na die huwelik swanger sal word. Dit is tiperend van die tydsgees. In plaas van blydskap is daar angs vir God se seën.

Die ongelowige moderne mens hef sy eie gesondheid en geluk op tot die hoogste goed. Sy toenemende weeldesug, angs vir verantwoordelikheid, gemis van pligsbesef, hoogmoed en egoïsme lei daartoe dat hy opsetlik die getal kinders wil beperk. Hierdie lewensuitkyk is totaal vreemd aan die Woord van die HERE. Die motivering van die moderne geboortebeperking is ten diepste anti-christelik.

Op grond van allerlei menslike motiewe word die Wysheid van God voor die voete geloop. Sy werk wat Hy deur ons wil verrig word dikwels gekeer deur menslike oorwegings.

As kinders van die HERE moet ons baie versigtig wees dat ons nie soos die moderne heidendom begin dink en later begin lyk nie. Dit is ons profetiese roeping om hierteen te waarsku en die klem laat val op die Wysheid van die HERE in gesinsvorming. Wie ver van God sy weg wil gaan stap op 'n donker afgrond aan (Ps 73:27 ). Wie sy lewe wil reguleer volgens sy eie standaarde moet ook die toorn van God verwag.

Is daar dan geen plek vir kontrasepsie in die christelike gesin nie ? Ja, daar is 'n plek onder die volgende voorwaardes:

1. Binne 'n egpaar. Daar is geen plek vir kontrasepsie buite of voor die huwelik nie. (Titus1:6).
2. Die egpaar moet God se wysheid verstaan tov konsepsie in die opbou van God se verbondsvolk.
3. Die egpaar moet geen heidense oorwegings soos genoem hê nie.

Watter indikasies is daar waar kontraseptiewe middels gebruik kan word?

1. Wanneer die vrou se gesondheid ernstig i. gedrang kom weens die swangerskap. Dit moet met 'n mediese dokter bespreek word.
2. Wanneer daar 'n tydelike siekte van beide of net van die man of vrou is, wat tyd nodig het om te genees.
3. Om die optimale hoeveelheid kinders te kry. Dit is 'n getal wat rekening hou met die gesondheid van die moeder. Dit verskil van gesin tot gesin afhangende van die moontlikhede en verantwoordelikhede wat die HERE aan hulle gee. Dit moet gedoen word in die gebed om die wysheid van God in hierdie saak te soek. Weereens moet ons ons motiewe herstruktureer aan God se heilige wil. God se voorsienige hand tydens bevrugting staan egter nie los van ons verantwoordelikheid nie. Ons is God se medewerkers. Die verantwoordelikhede binne die huwelik lê ook daarin om mekaar lief te hê. Dit kom ook daarin uit dat ons na mekaar se gesondheid omsien. Ook die gesondheid van die vrou.

***Watter metodes van kontrasepsie is daar en watter kan ons as Christene gebruik ?***

1. Natuurlike metodes:
   - onthouding
   - kalendermetode
     Hierdie metodes kan gebruik word binne die voorwaardes en indikasies genoem.
   - borsvoeding - tydens borsvoeding is die hormonale siklus gefokus op die produksie van melk en nie op ovulasie nie. 'n Vrou wat borsvoed sal dus moeiliker swanger word as 'n vrou wat nie borsvoed nie. Ook hierdie fisiologie het die HERE gemaak.
2. Hormonale metodes:
   verskillende soorte pille is beskikbaar op die mark bv Femodene, Minulette, ens. Dit kan ook as 'n inspuiting gegee word op 'n twee of driemaandelikse basis bv. Provera en Nuristerate. Hierdie middels werk deur ovulasie te voorkom. Omdat ovulasie nie plaasvind nie, kan konsepsie ook nie plaasvind nie. Hierdie metode is 98%-99% effektief. Elke vrou moet individueel beoordeel word vir die regte medikasie. Hierdie metode kan gebruik word binne die voorwaardes en indikasies genoem.
3. Metodes wat die inplanting van die bevrugte ovum verhoed.
   - Meganies - 'n Stukkie koper of ander materiaal word in die baarmoeder geplaas. Hierdie instrumentjie irriteer dan die baarmoeder sodanig dat die liggaam teen hierdie vreemde voorwerp reageer. Hierdie reaksie maak dit onmoontlik vir die inplanting van die bevrugte ovum, en 'n nuwe lewe word so geaborteer.

- Hormonaal - Die sogenaamde "morning after" pil. Hierdie pil verander die servikale slym en baarmoeder se endometrium sodanig dat dit onmoontlik is vir die bevrugte ovum om in te plant. 'n Nuwe lewe word so geaborteer.

Dit is duidelik dat hierdie metodes nie deur 'n christen dokter of christen pasiënt gebruik mag word nie.

4. Chirurgiese metodes:

- Sterilisasie by die vrou- dit is die permanente deurknip van die fallopiaanse buise by die vrou sodat bevrugting nie meer kan plaasvind nie.
- Vasektomie - dit is die permanente deursny van die saadleiers van die man sodat bevrugting nie meer kan plaasvind nie.

Hierdie is ingrypende prosedures wat veral 'n plek het vir mediese probleme by die man of vrou, sodanig dat swangerskap verhoed moet word, byvoorbeeld 'n ernstige hartkwaal van die vrou waar swangerskap 'n geweldige risiko vir die vrou se lewe inhou. Dit is nie reg om dit as suiwer kontraseptiewe prosedure binne die reproduktiewe jare te gebruik nie. Wie dit doen tree eiewillig op sonder om rekening te hou met die feit dat God se weë hoër is as ons weë. Ons weet nie wat die wil van die HERE is nie. Hy kan die man of vrou skielik wegneem tot hom. Dan kan hy weer 'n lewensmaat gee aan die man of vrou wat agterbly. Ook in hierdie huwelik kan die HERE na sy wil kinders gee.

As Christene het ons 'n groot verantwoordelikheid om God se heilige wil gehoorsaam te wees en ons eie wil te versaak. Dit kom uit in die motiewe waarom ons kontrasepsie gebruik en die metodes wat gebruik word.

Ons en ons kinders is die HERE se verbondsvolk, gehoorsaam aan sy verbondswet, op pad na die skare wat niemand kan tel nie (Openb 7:9).

---

OP PAD NA SINODE 2000

# Die res van die Sinode-handelinge

Dr JG Meijer
Pretoria

***'n Aantal besluite van 1997 se Sinode is in die twee vorige uitgawes van* Waarheid en Dwaling *getoets. Daarmee het egter nog maar die kleinste deel van dié Sinode se* Handelinge *aandag ontvang. Nietemin kan die orige, die grootste deel van hierdie boekwerk, as die res van die* Handelinge *aangemerk word. Die res kom in hierdie artikel ter sprake.***

Die verwysings na die *Handelinge* van die Sinode van 1997 word - net soos in die vorige artikels van hierdie reeks - so kort moontlik gehou. Die eerste syfers in die note verwys na die betrokke bladsy(e) van die *Handelinge*. Die syfer(s) na die dubbelpunt verwys na die nommer(s) op die betrokke bladsy(e).

## Bybelvertaling[1]

Kerkrade kan van die volgende aktiwiteite en mededelings van, asook van opdragte aan die deputate kennis neem:

Deputate het tussen die Sinodes van 1994 en 1997 geen beswaar teen die 1983-vertaling uit die kerke ontvang nie.

Daar word jaarliks vergaderings oor Bybelvertaling gehou. Een van die deputate, prof. GJC Jordaan, het tydens so 'n seminaar opgetree.

Die versoek vir 'n bron-georiënteerde nuwe vertaling van die Heilige Skrif is tot die Bybelgenootskap gerig en op sy agenda geplaas.

Die vertaling van die Verbondsnaam Jahweh deur HERE (vier hoofletters) ter onderskeiding van Here (een hoofletter) is tot dusver nie deur die Bybelgenootskap aanvaar nie. Deputate sal die aandag hierop bly vestig.

Herformulerings in die 1983-vertaling verskyn in die uitgawes sedert 1991.

In 1997 verskyn die 1983-vertaling met verklarende aantekeninge.

Die feit dat daar gedurende die laaste jare geen besware teen die nuwe vertaling ingebring is nie, beteken nie dat die vroeëre besware weggeneem is nie. Die wegvertaling van die Naam HERE, parafraserende vertalings, woordgebruik wat die Bybeltaal van die kerktaal in die belydenis vervreem, is van die besware wat kerkrade teen die 1983-vertaling aangevoer het. Kerke bly op grond hiervan teen die gebruik van hierdie vertaling in die erediens gekant. Ander kerke daarenteen gebruik die 1983-vertaling met vrymoedigheid, sedert een van die vorige sinodes dit vir gebruik in die Woorddiens vrygestel het.

Is die besware teen die 1983-vertaling werklik so prinsipieel en so ernstig as wat die beswaardes laat voorkom? Indien nie, dan behoort beswaardes van hulle ongelyk oortuig te word. Indien wel, het 'n vorige sinode hierdie vertaling ten onregte vir kerklike gebruik

[1] 122-127:13.3

2 70::2.1.1.2.8
3 70-71:2.1.1.2.9
4 Vgl. onder meer Ps. 22:23; 40:10-11; 68:27; 84; 116:14-19; 122; Hand. 2:42; Heb. 10:25

vrygestel. In hierdie geval tas die gebruik van hierdie vertaling die eenheid in diens aan en behoort die eenheid in die Woorddiens deur herroeping van die 'vrystelling-besluit' herstel te word.

## Advies

Lesers wat met die bostaande dilemma saamstem, kan aan hulle kerkraad vra om die volgende voorstel aan die klassis te doen:

Met die oog op die uiteenlopende gevoelens oor die 1983-vertaling kom die kerkrade in die klassis ooreen om saam die 1933/53 en 1983-vertalings vir kerklike gebruik te beoordeel ten einde die eenheid in die Woorddiens soveel moontlik te bewaar of te herstel.

Elke kerkraad sal binne 'n bepaalde tydsbestek skriftelik motiveer waarom hy òf die een òf die ander vertaling by voorkeur gebruik.

Die klassis benoem deputate vir hierdie aangeleentheid. Hulle kry opdrag om

- die redes wat die kerkrade verstrek het, in te samel;
- ten opsigte van altwee vertalings die voor- en teen-argumente te orden; en
- die resultate van hulle werksaamhede voor 'n bepaalde datum aan die kerkrade voor te lê.

Elke kerkraad onderneem om die dokument wat die deputate opgestel het, sorgvuldig te oorweeg, sodat die afgevaardigdes na die volgende klassis genoegsaam ingelig is om sinvol aan die bespreking te kan deelneem.

Die klassis weeg die argumente voor en teen die gebruik van beide vertalings in die lig van die Skrif.

Die klassis besluit op grond van sy oordeel watter vertaling of vertalings in die erediens gebruik word.

Hy stuur sy oordeel aan Deputate Bybelvertaling.

Indien die klassis die gebruik van die 1983-vertaling afwys, formuleer hy sy beswaar teen die sinodebesluit wat dié vertaling vir kerklike gebruik vrygestel het en lê dit voor aan die volgende partikuliere sinode met die versoek om dit ter tafel van die volgende nasionale sinode te lê.

Die voordele van hierdie handelswyse? Eerstens werk alle kerke saam in die beoordeling van die twee Bybelvertalings. En tweedens lei hierdie werkswyse tot 'n meer en beter gegronde aanvaarding of afwysing van die 1983-vertaling vir kerklike gebruik en sodoende tot 'n hegter eenheid van die kerke in die erediens.

# Die tweede erediens

Kerkrade hoef nie alle appèlle en beswaarskrifte waaroor 'n sinode besluit het, in detail te toets nie. Hulle kan, as 'n sinode ooreenkomstig die reg van die Skrif en die kerkorde gehandel het en indien die uitvoering van sy besluit hulle nie raak nie, met kennisname volstaan. Ses Sinodebesluite oor appèlle en beswaarskrifte het derhalwe in hierdie artikelreeks buite beskouing gebly. Slegs een onderdeeltjie van 'n rapport oor 'n beswaarskrif verdien wel die nodige aandag. Dit handel oor die tweede erediens.

Die Sinode sê dat artikel 68 van die kerkorde "uitdruklik uitgaan van die onderhouding van twee dienste op Sondae en dat Die Gereformeerde Kerke saam in Sinode 1939 (art. 49) die gebruik van twee dienste per Sondag bevestig het. Hierdie gebruik is deur die kerke in Sinode 1949 (art. 106, p. 249) en Sinode 1955 (art. 3b(4), p. 185) herbevestig."[2]

Die "praktyk van twee eredienste per Sondag" is "'n baie ou kerklike tradisie ..., wat reeds in 1574 in die kerkordelike bepalings van die Sinode van Dordrecht (art. 44 en 80) voorkom, en" is "in die Dordtse Kerkorde in 1618/19 herbevestig (art. 68). So 'n ou kerklike tradisie ... waaroor Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika saam besluit het om mekaar op te skerp om dit te onderhou (Acta 1939, art. 49), kan nie as 'n praktyk deur een kerk willekeurig opgehef word nie." Kerke wat dit noodsaaklik ag om een diens te hou, behoort nie selfstandig daaroor te besluit nie, maar advies aan die klassis te vra.[3] Tot sover die Sinode.

## Adviese

Lesers wie se kerkrade die tweede erediens afgeskaf en moontlik met 'n ander byeenkom vervang het - wend u tot u kerkrade en vra aan hulle om in die lig van artikel 68 van die kerkorde en Sondag 38 van die Heidelbergse Kategismus[4] opnuut te besin en 'n skriftuurlik gegronde besluit te neem.

Ander lesers - vra aan u kerkraad dat hy die onderhouding van die tweede erediens in die eersvolgende klassis by die rondvraag volgens artikel 41 van die kerkorde aan die orde stel.

Kerke wat nie die tweede erediens onderhou nie, behoort te motiveer waaom hulle besluit het om die tweede diens af te skaf. As die redes vir so 'n besluit in die lig van Sondag 38 van die Kategismus en artikel 68 van die kerkorde onvoldoende bevind word, spreek die klassis uit dat die betrokke kerkraad sy besluit behoort te herroep.

Die klassiskerke kom in aansluiting hierby ooreen dat hulle ter bewaring van die eenheid in leer, diens en tug nie selfstandig, sonder om met die naburige kerke te oorlê, van die kerkorde of van gevestigde praktyke in Die Gereformeerde Kerke sal afwyk nie.

# Kerklike sake

Artikel 30 van die kerkorde bepaal dat kerklike vergaderings uitsluitlik kerklike sake sal behandel. Die deputate vir Christelike Onderwys het die Sinode aan die beperkende bepaling in artikel 30 herinner. Hulle wys in verband met die onderwys op artikel 21 van die kerkorde: "Die kerkrade moet toesien dat die ouers die skoolonderrig aan hulle kinders in die vrees van die Here laat geskied."

Die deputate merk op: "In die lig van" artikel 21 "sal die omvang van die opdragte aan" hierdie deputate "grootliks ingekort moet word. Sake wat deur ouers, lidmate, kerkrade, klassisse en partikuliere sinodes afgehandel kan word, moet nie in die opdrag van die CO-deputate opgeneem word nie (vgl. KO art. 30)."[5]

Die vorige artikel van hierdie reeks handel uitvoerig oor die reël dat kerklike vergaderings slegs kerklike sake sal behandel. In aansluiting daarby volg hier enkele retoriese vrae. Op watter uitsprake van die Skrif, die belydenis of die kerkorde kan die Sinode hom beroep om allerlei publikasies uit te gee en te help uitgee? Is deputaatskappe vir Bybelmedia[6], die Calvyn-Jubileumboekefonds[7], evangeliseringsmedia[8], kerklike tydskrifte[9], die kerkordeboekie[10] kerklike sake ooreenkomstig artikel 30 van die kerkorde? En hoe ressorteer die ledevergaderings vir emeritaatversorging[11] en van die Administratiewe Buro[12] onder die kerklike vergaderings wat artikel 29 van die kerkorde vermeld?

Deputate vir jeugsorg[13] het die opdrag ontvang om voorstelle aan kerkrade te rig hoe om die jeugwerk in die amp van gelowige te inisieer[14]. Hierdie opdrag kan voor die volgende sinode afgehandel word. Dié sinode kan dan die deputaatskap met dank vir bewese dienste ontslaan.

## Advies

Kerkrade kan self en saam in klassikale verband besin hoe die agenda van meerdere vergaderings so doeltreffend moontlik tot kerklike sake beperk kan word. Sommige gevestigde praktyke wat in stryd met artikel 30 van die kerkorde ontstaan het, kan nie sonder skade op 'n slag beëindig word nie. Wat sal byvoorbeeld van 'Die Kerkblad" word na 'n plotselinge ontslag van deputate vir kerklike tydskrifte? Sekere werksaamhede wat in opdrag van meerdere vergaderings geskied, sal eers in die amp van gelowige oorgeneem moet word voordat sinodes dit van hulle agenda verwyder.

Onderhouding van artikel 30 het belangrike voordele. Dit dring kerkrade om lidmate tot die uitoefening van hulle amp van gelowige te stimuleer[15];

- verkort die agenda van meerdere vergaderings sodat daar meer tyd vir grondige afhandeling van kerklike sake beskikbaar is; en
- bring saam met die getal deputaatskappe die hoë bedrag van die ramings af.

---

# Eweredige verdeling van laste[16]

Nie alle kerke in die verband is finansieel vermoënd nie. Daar is kerke wat slegs met die grootste inspanning die jaarlikse ramings kan bybring en selfs gemeentes wat nie aan dié verpligting kan voldoen nie. Onder ons kerke is daar onder meer gemeentes wat 'n aantal hulpbehoewende mense in 'n aftree-oord bedien, gemeentes met groot getalle studente, gemeentes wat uit laer besoldigde lidmate bestaan. Dit is tog nie redelik dat swaar belaste kerke net soveel ramings per belydende lidmaat as welgestelde kerke moet bydra nie?!

Die Sinode het besluit om aan die oneweredige verdeling van laste aandag te skenk. Hy het hierdie aangeleentheid na die deputate vir sustentasie verwys. Hulle moet saam met die Administratiewe Buro die volgende sinode oor bydraes volgens vermoë adviseer. Dit behoort soos volg te gebeur. Die deputate stel 'n voorlopige rapport op en stuur dit aan die partikuliere sinodes. Die partikuliere sinodes lewer kommentare. Hierdie kommentare sal in die finale rapport aan die volgende sinode verwerk word.[17]

Plaaslike kerke kan intussen met advies van hulle klassisse by die bestuur van die Administratiewe Buro aansoek om vermindering van ramings doen. So 'n aansoek moet goed gemotiveer en saam met volledig geouditeerde state ingehandig word. Die bestuur van die Buro het die bevoegdheid om verligting van die ramings te gee. Hulle gee daarvan kennis aan die deputate vir sustentasie. Ten einde die hiermee gepaardgaande koste te delg, word een jaarlikse kollekte van die kerke gevra.[18]

## Advies

Kerke wat oordeel dat hulle vir vermindering van ramings in aanmerking kom, kan hulle so spoedig moontlik tot die klassis wend vir die verkryging van 'n gunstige advies.

---

# Samesprekings met NG, NH en AP Kerke

Die Sinode het aan die deputate vir gesprek met binnelandse kerke opgedra "om in die gesprekvoering met ander Afrikaanse

[5] 499:6
[6] 119:13.1
[7] 813-817:24.2
[8] 817-822:24.3
[9] 823-836:24.5
[10] 837-839:24.6
[11] 219-364:vanaf 4.2
[12] 390-452:18.2
[13] 506-516:19.3
[14] 516:4.1.6
[15] Vgl. die artikel "Onderhou artikel 30 van die kerkorde tot reformasie" In *Waarheid en Dwaling* 4 (1998): nommers 5 en 6
[16] 457-463:18.5 oor "Ramings volgens skriftuurlike beginsels"
[17] 462:1-2
[18] 462-463:3.1-3.4

kerkgemeenskappe rekening te hou met verskuiwings in kerklike verhoudings die afgelope dekades en die volgende sinode hieroor te adviseer."[19]

Die Tussenkerklike Kommissie (TKK) bestaan reeds tientalle jare. Die vraag na die vrugte van al die gesprekke kom as vanself na vore. Het daar in die kerke met wie ons saamspreek, enigiets ten goede verander? Bestaan daar in die NG en NH Kerke 'n sterker leerbinding as aan die einde van die vyftigerjare toe die samesprekings begin het? Hoe staan sake in ons eie midde? Wie van die gespreksgenote beïnvloed wie? Kan die beëindiging van 'n gesprek na duidelike vasstelling van wat die kerkgemeenskappe in die lig van die Skrif skei, 'n sterker getuienis en oproep tot bekering inhou as die voortsetting daarvan?

Ek sien op die agtergrond van hierdie en ander sogenaamde 'interkerklike' aktiwiteite (onder andere die te stigte Konvent van Reformatoriese Kerke) 'n ingewortelde geloof aan die 'pluriformiteit van die kerk'. Hierdie geloof stem nie ooreen met wat die Skrif en ons belydenis oor die Christelike kerk leer nie. Dit verdien aanbeveling dat ons ernstig oor die leer van die kerk met die oog op praktyke in ons kerklike lewe besin.

### Advies

Leser, bestudeer die leer oor die kerk in die lig van antwoorde 54 en 55 van die Heidelbergse Kategismus en artikels 27-32 van die Nederlandse Geloofsbelydenis. Doen dit saam met ander lidmate in die plaaslike kerk en stel vas wat die leer vir ons kerklike lewe beteken. Lê die resultate van die gemeenskaplike studie aan u kerkraad voor met die versoek om dit te implementeer. Verrig al hierdie aktiwiteite biddend, in geloof dat die HERE u sal versterk. En onthou: reformasie begin op die grondvlak, by u en by my.

---

## Pastorale berading[20]

Een van die partikuliere sinodes het die kwessie van 'pastorale berading' aan die laaste Sinode ter behandeling voorgelê. Die Sinode het besluit dat die saak volgens artikels 3-5, 11 en 16 van die kerkorde in die mindere vergaderings afgehandel kan word en derhalwe nie op die sinodale agenda tuishoort nie.

### Advies

Kerkrade en klassisse (in die rondvraag volgens artikel 41 en by die kerkvisitasie volgens artikel 44 van die kerkorde) kan in hulle beoordeling van pastorale berading die volgende oorweeg:

Predikante se ampsbevoegdheid is tot die plaaslike kerk beperk.[21]

Bedienaars van die Woord se ampspligte is sorgvuldig beskryf.[22]

Predikante wat in die diens van 'n ander indring, bedryf 'n growwe sonde "wat skorsing in of afsetting uit die diens verdien."[23]

### Neem kennis

Kerkrade kan van al die sinode-handelinge wat nie in hierdie artikelreeks ter sprake gekom het nie, kennis neem. Waar die aanduiding daarvan met 'n uitroepteken afgesluit word, kan kerkrade met dank kennis neem. Kursief gedrukte aanduidings is moontlik nie kerklike sake nie en kan saam met die sake wat hierbo, onder die opskrif "kerklike sake", genoem is, oorweeg word.

Sake waarvan net kennis geneem kan word, is

- die amptelike opening van die Sinode[24], dank- en slotwoorde[25];
- afgevaardigdes van ander kerke[26];
- dagopenings en -sluitings[27];
- daaglikse presensie[28];
- besoekers[29];
- goedkeuring van notule[30];
- rapporte van roepende kerkraad[31];
- korrespondensie vir die agenda[32];
- programmering van die agenda[33];
- rapport van perskommissie[34];
- uitsprake oor ontvanklikheid of nie ontvanklikheid van appèlle en beswaarskrifte[35];
- uitsprake oor ses appèlle en beswaarskrifte (met uitsondering van wat hierbo behandel is)[36];
- *Bybelverspreiding*[37];
- afhandeling van Kung Boesman Bybelvertaling deur ds. PJWS van der Westhuizen![38];
- moontlike publikasie van hierdie vertaling, die posisie van ds. Van der Westhuizen en die bedanking vir sy werk deur die Sinode[39];
- diakonale sake (tehuise)[40];
- ekumeniese aangeleenthede[41];
- kerklike hulp en ondersteuning aan kerke in Franssprekende Wes-Afrika met opdrag aan deputate vir ekumeniese aanteleenthede om by jong Gereformeerde kerke in Zaïre en Benin ondersoek in te stel en die volgende sinode oor die aangaan van korrespondensie te adviseer[42];
- plasing van 'n predikant se naam op die versorgingslys (vir emeritaat)[43];
- emeriteringsouderdom[44];

[19] 197:15.5
[20] 543-545:21.6
[21] Sien NGB, art. 30 en KO, art. 3-5
[22] Sien KO, art. 16 en Formulier vir die bevestiging van bedienaars van die Woord.
[23] KO, art. 80
[24] 15-19:1
[25] 946-947:28-29
[26] 19-26:2
[27] 25-26:3-4
[28] 26:5
[29] 27:6
[30] 27:7
[31] 27-28:8
[32] 29-33:9
[33] 33-43:10
[34] 44-45:11
[35] 46-49:12
[36] 49-118:12.3; 913-924:26.3; 926-934:26.5
[37] 119-122:13.2
[38] 128:13.4
[39] 131-146:13.5-13.6
[40] 147-167:14.1
[41] 168-179:15.1
[42] 181-182:15.3
[43] 364-367:16.2
[44] 367-370:16.3

- nie verandering van ordereëling van emeritaatsfonds[45];
- sendingdeputate wat nie weer benoem word nie[46];
- toeseggings uit die rente van die Eeufeesbedienings- en Duvenage-fondse[47];
- begrotings van meerdere vergaderings[48];
- delging van agterstallige ramings[49];
- christelike onderwys[50];
- *katkisasie*[51];
- *jeugsorg*[52];
- kerkargief en *museum*[53];
- uitskrywing van dag van verootmoediging en gebed volgens artikel 66 van die kerkorde[54];
- regsaangeleenthede[55];
- herindeling van partikuliere sinodes[56];
- getuies of toeligters by appèlle volgens artikel 31 van die kerkorde[57];
- toelating tot bediening van die Woord na afsetting: 'n saak van mindere vergaderings wat langs die kerklike weg hanteer behoort te word[58];
- nuwe vertaling van Dordtse Leerreëls (in volgende uitgawe van Psalmboek)![59];
- liturgiese sang (musici kan daarna kyk)[60];
- afwysing van voorstel om in artikel 69 van die kerkorde toe te voeg: "en gekeurde Skrifgetroue liedere"[61];
- *uitgee van Almanak*[62];
- uitgee van *Handelinge* van die Sinode[63];
- radio- en TV-uitsendings[64];
- korrespondensie met die owerheid[65];
- noodtoestande[66];
- owerheid se Godgegewe roeping en taak om wet en orde te handhaaf[67];
- afwysing van staatkundige en sosiale aanspreeklikheid van die GKSA weens die nie verkeerd bewys van enige sinodebesluit oor staatkundige en sosiale aangeleenthede[68];
- rapport van kuratore van Teologiese Skool Potchefstroom (met uitsondering van kerklike posisies van teologiese professore)[69];
- rapport van kuratore van Hammanskraalse Teologiese Skool[70];
- verhouding Teologiese Skool Potchefstroom en die PU vir CHO[71];
- besluite van Sinode Middellande oor teologiese opleiding[72]; en
- kuratore se optrede in die transformasieproses van die PU vir CHO[73].

45 370-373:16.4-16.5
46 379:4.1.6
47 382-389:18.1
48 453-455:18.3
49 455-457:18.4
50 464-504:19.1
51 504-506:19.2
52 506-516:19.3
53 517-523:20
54 524-525:21.1
55 525-526:21.2
56 537-542:21.4
57 545-546:21.7
58 559-562:21.10
59 575-584:22.1
60 768-773:23.2
61 806-809:23.6
62 811-813:24.1
63 822-823:24.4
64 839-845:24.7
65 846-859:25.1
66 860-863:25.2
67 882-884:25.5
68 884-885:25.6
69 886-900:26.1
70 900-913:26.2
71 924-926:26.4
72 934-936:26.6
73 936-937:26.7


**FOLMER BOEKHANDEL**
19e laan 283, 0186 Villieria, Tel/Faks 012 - 329 0031
Posbus 11607, 0121 Queenswood
E-Mail: rvdk@smartnet.co.za

**BIJBELS DAGBOEK 1999** het verskyn.

Aan twaalf (Ger.Vrijgem) predikante is gevra om een maand se dagstukke te skryf en so het hierdie gevarieerde dagboek ontstaan.

Maar daar is ook eenheid - eenheid in die oortuiging dat die Here self ons die Bybel as 'n geheel gegee het - en in die geheel van 66 Bybelboeke mag ons ons Vader leer ken.

Daar is eksegese, bemoediging en troos:
'n krag vir elke dag. 'n Boek om die dag mee te begin!

Prys R 71.

Van **HET WONDER VAN DE NEGENTIENDE EEUW** (Hendrik Algra) - 'n boek wat al 'n paar jaar uit druk is, het ons nou 'n paar tweedehandse kopieë ontvang.

Die ondertitel is: *Over vrije kerken en kleine luyden.*

'n Boek wat die genade van die Here in die bewaring van sy kerk laat sien. 'n Boek wat volgens die skrywer iets anders as die gebruiklike kerkgeskiedenis wil wees, want dit gaan hom meer om die mense tuis en in die kerk as om handelinge van plegtige kerklike vergaderings.

Met afbeeldings en 'n naamregister.

Prys R110.

**Gustav Opperman**
Potchefstroom

**BOEKRAK**

# The Church as God's armory

The Church *As* God's Armory deur Brian M. Abshire

(Chalcedon Monograph Series number three)

'n Broodnodige boek in 'n tyd waarin die kerk tot grondige selfondersoek opgeroep word.

Menige bekommefde Christen het al die versugting ge-uit : die kerk *werk* nie, iets skort. Baie antwoorde het al en sal nog in boekvorm verskyn: die kerk moet meer gebruikersvriendelik word ("Sermonettes for Christianettes"), die antwoord lê in post moderne selgemeentes of herlewings en so meer... Daar is ook boeke wat op 'n Skriftuurlike grondslag met die probleem worstel. Dit is wat Abshire probeer doen.

Sy analise van die probleem (hoofstukke 1 en 2) is doelmatig. In die volgende hoofstukke word die verskillende bedieningsvelde om die beurt bespreek: die erediens, die kerkregering, die Christelike huisgesin, evangelisasie. Dit is egter die deurlopende oplossing van die probleem wat die aandag trek (en op hierdie kardinale aspek stem hy en John MacArthur [1] saam): die gesonde kerk het altyd 'n groep toegewyde gelowige mans aan die stuur! "Church government is only as holy as the men who hold the offices. Weak families produce weak elders. Weak elders produce a weak and defeated church."

Volgens die skrywer is reformasie nodig in die twee belangrikste menslike instellings, die gesin en die kerk. So nie, sal geen hervorming of herlewing blywend wees nie. "The family and the church are the seed of social apostasy, just as they are the seed of social reformation." Daarom is huisgodsdiens nie slegs 'n aanbevelingswaardige aktiwiteit nie, dit is 'n absolute kritieke dissipline vir elke gesin. "Men who take their families daily into the Word of God, teaching them, praying for them, leading them, are completing basic training for dominion".

Dit is ook nie moontlik om hierdie reformasie te weeg te bring deur slegs paneelklopwerk aan die kerkorde aan te bring nie: "If men do not live self-governed lives under God, if they do not exercise dominion in their homes and in their callings, then the particular polity of a local church is simply irrelevant". Hy wys op die netelige posisie waarin die predikant hom kan bevind as die kerk deur mense agter die skerms regeer word, veral as daardie mense die kerkraadslede se vroue is! Hoe dan gemaak? Die eenvoudige antwoord hierop is weereens: Reformasie in die kerk begin by die huis (verbondsgesin). "If we have weak men in the home, we will have weak men in the church".

Hoe regeer die man sy huis? Afgesien van sy ander prioriteite soos finansies en arbeid, is hy ook verantwoordelik vir sy vrou se geestelike welsyn."Fulfilling his responsibilities to her is essential for him to fulfill his calling" (Ef 5:22 ev) Die man is die hoof van die vrou, soos Christus die hoof is van die kerk. "He becomes that head by loving his wife, giving himself up for her, making her holy, presenting her blameless to the Lord. This is one of man's first duties, to protect and to promote the holiness of his wife. Out of that holy relationship comes the family that fills and subdues the earth." Sy, op haar beurt, moet aan hom gehoorsaam wees en hom ondersteun.

As kinders rebels en ongehoorsaam is, is daar altyd 'n rede voor. Abshire draai nie doekies om nie:"Many will find this controversial, but in my 20 years of professional ministry, and the hundreds of counseling cases I have done, never yet have I found parents with rebellious children to have been faithful in discipline, consistent in family worship, diligent in catechism or even in manners. To the contrary, most often the parents subsidized evil behavior in their children, refused to let them experience the negative sanctions of their sin, supported them in their immorality, etc."

Omdat Abshire die werk van die ouderlinge (tereg) so hoog aanslaan sou hy graag wou hê dat hulle in sommige gevalle daarvoor vergoed moet word. "Granted, the average church may not realistically be able to pay all its elders. But if their work is really important, we ought to be paying at least some of them. *All* elders are to be considered worthy of the double honor, not just the teachin ones" (dit is insiggewend om op hierdie punt Van Bruggen[2] se eksegese van 1 Tim 5:17 te vergelyk). Volgens Abshire is dit onbillik om soveel van die ouderlinge te verwag, terwyl hy terselfdertyd aandag aan sy eie gesin en werk moet gee. "This essay is not intended to be a revolutionary tract, but rather is an attempt to stimulate some hard rethinking of how the average church operates in regard to her leadership. It is a modest attempt at nudging us toward a paradigm shift of seeing elders in a slightly different way..."

Waar Abshire se argumente wel hinder is in sy oorvereenvoudigde siening van hoe die kerkgetalle met kinderaanwas vermeerder kan word. Trouens, die hele hoofstuk oor evangelisasie word hierdeur in beslag geneem. Volgens hom kan die Christelike aanwas dan ook vir 'n regeringsoorname binne sekere aantal jare sorg...

[1] The Healthy Church. John MacArthur (jr)
[2] Ambten in de Apostolische kerk: een exegetisch mozaïk. Jacob van Bruggen

**Vir die koop en verkoop van tweedehandse teologiese boeke**
**(018 293-2590 of e-pos: ontgo@puknet.puk.co.za)**